IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: CC 482/85 | DELMAS

1987-04-30

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT:
ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING:
ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 210

(Bladsye 10 030 - 11 097)

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

HOF HERVAT OP 30 APRIL 1987.

GCINUMUZI PETRUS MALINDI, v.o.e. (Deur tolk)

MR BIZOS : My Lord, My Learned Friend, Mr Tip and Mr Fick have agreed that in the immediate vicinity of the court there are a number of posters and we want to place on record three of them.

COURT : Let us just make the admission more clear. With a view to the coming election on 6 May 1987.

MR BIZOS : Yes. The first one "Volk verarm!" Underneath that "Ministers" and underneath that "60% ryker." New line "Verwerp hulle". "Stem HNP". The next poster is each word on a different line "We've had enough! Vote CP". The next one first line "Die Nattes" the next line "weer glo?" Underneath that "Nooit!!! Stem KP".

HOF : Dit is so genotuleer.

MNR. JACOBS : U Edele, ons is voltallig blykbaar vandag, die beskuldigdes.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Malindi, ons het gister gekom waar jy gesê het dat jy daardie twee byeenkomste bygewoon het in Junie 1983 en ook weer in Junie 1984. 16 Junie. -- Ja, dit is so.

Kom ons handel net eers met die Junie 1983 een. Was hy geadverteer gewees dat COSAS hierdie diens gaan hou? -- Nee, ek onthou dit nie.

Was dit nie bekend gemaak daar gaan so 'n fees gehou word nie? -- Wat bekend gemaak was in die koerante is dat daar verskillende dienste gehou gaan word by verskillende plekke. Met die gevolg is die Vaal het ook sy plek gehad waar hierdie herdenkingsdiens gehou gaan word.

En dat COSAS dit hou? -- Volgens die koerantberig



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

nie. Dit was nie gespesifiseer wie dit gaan hou te Sebokeng nie.

Was dit in die woongebiede nie bekendgemaak dat daar gaan so ꞌn diens gehou word vir die mense wat nou nie koerant lees nie? -- Ek het nie sulke kennisgewings gesien nie.

Was jy ꞌn spreker by daardie vergadering of byeenkoms? -- Ja, dit is so.

Hoe het dit gekom dat jy ꞌn spreker op ꞌn COSAS byeenkoms was? -- Met my aankoms by hierdie byeenkoms het ek na die tafel toe gegaan waar ek gaan vra het dat my naam op die lys geplaas moet word van die sprekers.

Hoekom wou jy so graag self praat, dat jy jouself gaan aanmeld het? -- Ek wou gaan praat het van ons planne of voorneme om ꞌn jeugorganisasie te stig.

So, het die gedagte van jou af gekom dat ꞌn jeugorganisasie gestig moet word? -- Ja, daardie dag in Juniemaand.

Daar was toe nie al voorheen ꞌn komitee of iets gewees wat gesê het julle moet so iets doen nie, dit was net jy self? -- Ek het dit daar geopper, maar daar was van die lede gewees wat saam met my hulle lidmaatskap by COSAS beëindig het, wat geweet het hiervan. Ek erken dat ek die persoon is wat dit hier genoem het, ja.

En met die oud COSAS lede, het julle dit bespreek vooraf? -- Ek en ꞌn paar gewese lede van COSAS en nog ander mense wat nie vantevore lede was van COSAS nie, het alreeds ꞌn gesprek hieroor uitgevoer.

Wie is die gewese COSAS lede wat saam met jou dit bespreek het? -- Ek onthou van Isaac Johnson, Themba Mazibuko. Hulle is die enigste persone wat ek nou op hierdie huidige oomblik kan onthou.

Wie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Wie was die ander mense wat nie oud COSAS lede was nie wat jy kan onthou? -- Oupa Mariletsi, Fisto.

HOF : Wat is Fisto se van? -- Ek vergeet wat sy van is.

Is dit ŉ bynaam, Fisto of is dit ŉ doopnaam? -- Dit is ŉ bynaam in die lokasie.

MNR. JACOBS : Esau Raditsela? -- Nee, ek het dit nie met hom bespreek nie.

Op hierdie diens van 16 Junie 1983 het Esau daar gepraat omtrent hierdie jeugorganisasie dat dit gestig moet word? -- Nee, hy het nie.

Het hy hom nie ten gunste daarvan uitgespreek nie? -- Nee.

Was Esau glad nie daar nie of was hy daar? -- Hy was daar gewees.

Wie van COSAS se bestuur op daardie stadium was in beheer van hierdie byeenkoms? -- Thabo Bokwa en Amos Malindi, die gewese beskuldigde nr. 12.

Wat was hulle op die bestuur van COSAS gewees daardie tyd? -- Ek kan nie onthou wat Thabo in die bestuur was nie, maar Amos was die organiseerder, as ek reg onthou.

Wie was die sprekers by die byeenkoms? -- Ek onthou die volgende sprekers Phillip Masiya, Thabiso, beskuldigde nr. 22, Esau Raditsela, ekself en nog vele ander wie se name ek nie nou kan onthou nie.

Op die vergadering, het jy daarso gesê dat julle het ŉ behoefte vir ŉ jeugorganisasie omdat daar sekere probleme in die Vaal is? -- Nee.

Het jy nie so gesê nie? -- Nee, ek het nie so gesê nie.

Hoekom het jy gesê wil julle ŉ jeugorganisasie hê? -- Ek het gesê dit is nodig vir die stigting van ŉ jeugorganisasie

met/....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

met die oog daarop om die jeug bymekaar te kry, want daar is sekere dinge wat hulle, die jeug, moet doen na hulle bymekaar gekom het. Dat hulle dinge sal moet doen wat konstruktief is as om dinge te doen wat geen voordele het nie.

Jy sê dat hierdie vergadering was dan soort van uitgestel tot die 18de toe. Is dit reg? -- Ja, dit is so.

Wie het dit uitgestel? -- Na dit bekend gemaak was by hierdie herdenkingsdiens dat dit uitgestel word na die 18de toe, het ek toe die voorsitters versoek om dit bekend te maak aan die persone daar teenwoordig, die gehoor, dié wat belang stel in die stigting van 'n jeugorganisasie dat ons bymekaar gaan kom op die 18de.

Wie het dit uitgestel?

MR BIZOS : I am sorry to interrupt. This does not relate to the cross-examination. Our instructing attorneys have been approached by a number of people who come here as spectators who apparently do not wear jackets, but they are neatly dressed in what are called safari suits, as neat as any of the police officers that are also not wearing ties or proper jackets. I would appeal that not having a jacket, does not detract in any way from the dignity of the court if people are neatly dressed and they obviously have done their best. They are attired in a manner in which is no different than the police officers who are sitting at the back of the court. I cannot understand ... (Court intervenes)

COURT : Of course, a bit of discretion has to be left to the police officer controlling people because we have had people here, especially some students who have been very sloppily dressed and they have been refused admittance on that score ... (Mr Bizos intervenes)

MR BIZOS/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

MR BIZOS : I do not think that the elderly gentleman that - I am sorry for interrupting ... (Court intervenes)

COURT : Well, he is back in court.

MR BIZOS : I am glad to hear that.

COURT : I think it was a mistake in this case.

MR BIZOS : I think that in appearance he is a very dignified man.

COURT : I have no objection and I am sorry if - I do not know why he was called out. I thought he was called out for some other reason.

MR BIZOS : Apparently, if a person has got short sleeves on, if he has not got a jacket on or what the police officers believe to be a jacket, then they are told to go out. I know that there has been tolerance and we are grateful for this, especially some of the younger people who are children or nephews of the accused themselves. We are indebted for this tolerance that has been shown, but in the last couple of days in particular there has been a very strict rule applied and asking people, who have come here at considerable trouble and expense to themselves, to leave the court ... (Court intervenes)

COURT : Well, I would not lay down a hard and fast rule but people must be properly dressed in court and I think as a starting point, one must take it that you put on your best attire and that means that you put on a jacket if you have one. If you have not got one, an exception can be made, but surely a university student must have a jacket.

MR BIZOS : I would agree with that and if that is the basis, then by all means - we are indebted to Your Lordship.

MNR. JACOBS : Ek dink die laaste vraag was wie het die

vergadering/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

vergadering van die 16de verdaag na die 18de toe? -- Ek kon moontlik met iemand anders gepraat het, naamlik Oupa Mariletsi.

HOF : Is u en die aanklaer op dieselfde golflengte? Die aanklaer sê vir u die vergadering is uitgestel van die 16de na die 18de Junie 1983. Sy vraag is wie het dit uitgestel? -- Wie die uitstel gedoen het van hierdie herdenkingsdiens weet ek nie, maar die aankondiging was gemaak deur die voorsitter dat dit uitgestel is na daardie datum toe.

MNR. JACOBS : Was dit nie op julle versoek gewees nie? -- Nee, dit was nie.

Was julle bedoeling dan nie gewees om die 18de die mense wat belang stel, want jy sien ek het 'n bietjie moeilikheid met hierdie verhaal van jou wat jy vertel het. Jy sê die mense het agtergebly agterna na die vergadering en julle het besluit om die 18de weer bymekaar te kom, maar dan is die vergadering verby en ek kan nie verstaan hoe kon hy uitgestel gewees het nie. Kan jy dit vir die Hof verduidelik? -- Ek sê die voorsitter het dit bekend gemaak en aangekondig daar in die vergadering dat die herdenkingsdiens word uitgestel na die 18de toe. Ons het toe 'n versoek gerig aan die persone wat belang gestel het in die stigting van 'n jeugorganisasie dat hulle ook maar die 18de teenwoordig moet wees, ons sal mekaar dan daar sien. Die persone wat belang gestel het in die stigting van die "civic association", het ooreengekom dat hulle mekaar gaan sien na die vergadering van die 16de. Na hulle mekaar gesien het, dit wil sê na hulle vergader het, na die oorspronklike herdenkingsdiens klaar was, het hulle ook ooreengekom dat hulle ook op die 18de sal moet vergader. Dit is hoe ek onthou wat daar gebeur het.

So, die jeug wat belang gestel het in 'n jeugorganisasie

was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

was nie versoek om na daardie vergadering van die 16de agter te bly en hulle het nie agter gebly nie? -- Oorspronklik was hulle versoek om agter te bly, maar na aanleiding van die voorsitter se aankondiging dat die vergadering uitgestel word, dit wil sê die herdenkingsdiens uitgestel word na die 18de toe, het ons toe ook ooreengekom dat ons ook maar weer op daardie dag van die 18de sal vergader.

En is dit toe die vergadering uitgestel is wat die versoek was dat die jeug se mense moet die 18de bymekaar kom? -- Ja, dit is so.

En daardie dag van die 16de het die jeuggroep glad nie bymekaar gekom nie? -- Nee, hulle het nie.

Op die 16de sê jy beskuldigde nr. 22 het gepraat op daardie byeenkoms. Waaroor het hy gepraat? -- Hy het onder-steun dat dit nodig was vir die stigting van 'n organisasie vir die inwoners van die Vaal.

Wat het hy gesê hoekom is dit nodig? -- Hy het gesê daar bestaan probleme in die Vaal wat reggestel kan word deur die gemeenskap se organisasie.

Het hy enigiets gesê oor die jeuggroep? -- Ek onthou nie dat hy iets gesê het oor die jeug nie.

In sy toespraak toe hy nou gepraat het oor die probleme wat reggestel kan word, het hy gepraat omtrent die Swart plaaslike besture stelsel? -- Nee.

Het hy nie gepraat wat veroorsaak vir die mense probleme nie? -- Nee.

En in hierdie toesprake, selfs dié van beskuldigde nr. 22, was dit nie gekoppel aan die gebeure op 16 Junie wat die herdenkingsdag sou wees van iets wat plaasgevind het nie? -- Nee, dit is nie so nie.

Maar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Maar as ŉ mens ŉ herdenkingsdiens hou, verwys jy dan nie terug in jou toespraak na die dinge waaroor jy ŉ herdenkingsdiens hou nie? -- Thabiso het nie die twee gemeng in sy toespraak nie, dit wil sê die gebeure van 16 Junie en sy ondersteuning van die stigting van die gemeenskap se organisasie.

En jy in jou toespraak? -- Ek het dit ook nie gedoen nie.

En Esau? -- Hy ook nie.

So, eintlik het niemand dit gedoen nie? -- Niemand van die sprekers het sy toespraak, hetsy vergelyk of gemeng met die gebeure van Junie 16 nie, al het hy gepraat oor die stigting van die jeugorganisasie.

HOF : Geen spreker het verwys na die gebeure van 16 Junie nie? -- Daar was.

Daar was? -- Daar was sulke sprekers gewees.

MNR. JACOBS : Esau, in sy toespraak, het hy nie verwys na die Swart plaaslike besture en dat daardie voorgestelde ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

MR BIZOS : If that is going to be left, the record may not - because the question really related to any of the speakers mentioned, did they mention June 16's events. I think Your Lordship must have understood that the last answer was that the speakers other than those already mentioned by name mentioned ... (Court intervenes)

COURT : I understood the answer to be any speaker at the meeting and that the answer was yes, some speakers at the meeting did.

MR BIZOS : As long as that is clear before it is left, because I think that the question was put - it did not distinguish between speakers mentioned by name and speakers generally.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

MNR. JACOBS : Ek dink My Geleerde Vriend kan seker in herondervraging dit opklaar as dit onduidelik is. Dit is seker nie vir my om - as hy iets verder wil hê om te vra dat ek dit vra nie.

Kan jy net vir ons sê Esau Raditsela, het hy nie gekoppel en gesê "Kyk, ons verwag om so ŉ organisasie te stig, ons is nie tevrede met die raadslede nie en die raadstelsel nie? -- Nee, Esau het nie in sy toespraak gesê dat dit nodig was vir die stigting van die gemeenskap se organisasie omdat hy nie tevrede was met die plaaslike bestuur nie of hy nie tevrede was met die gemeenskapsraad nie.

HOF : Het hy nie verwys na die plaaslike bestuur of die gemeenskapsraad nie? -- Nee, hy het net melding gemaak van bestaande probleme in die lokasie.

Spesifiek of net gesê bestaande probleme? -- Hy was spesifiek met hoë huur.

MNR. JACOBS : Wat se probleme het hy spesifiek na verwys? -- Dit is die hoë huur.

Is dit al? -- Ja, dit is so.

Het hy enigsins gesê hoe hulle beoog om die hoë huur probleem op te los en wat daaromtrent gedoen moet word? -- Wat hy gesê het was as die ouers nou bymekaar kan kom, hierdie soort van ŉ probleem van hoë huur sal hulle in staat wees om op te los.

Het hy ŉ voorbeeld gegee van hoe kan hulle dit oplos? -- Nee, hy het nie.

Op die uitgestelde vergadering van die 18de, was die COSAS mense weer almal daar? -- Ek het ŉ sekere getal van hulle daar teenwoordig gesien.

Die bestuur en die mense wat in die beheer van die

vergadering/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

vergadering was, was hulle daar? -- Thabo Bokwa en Amos Malindi, die gewese beskuldigde nr. 12, was teenwoordig gewees.

Het jy weer op hierdie vergadering gepraat? -- Die res van die mense wat daar teenwoordig was, was nuwelinge gewees. Ek weet dus nie of hulle lede was van COSAS of nie.

Het jy self weer daar jou toespraak gelewer? -- Op watter stadium? By die herdenkingsdiens of by ons vergadering wat ons later gehou het?

Die uitgestelde vergadering op die 18de? -- Ek het nie gepraat nie.

Het julle nie weer ŉ versoek gerig vir die jong mense om agter te bly nie, veral die nuwelinge? -- Daardie soort van aankondiging was gemaak.

Wie het dit gedoen? -- Òf Amos Malindi òf Thabo Bokwa.

Is dit nie so nie dat julle het eintlik baie nou saam gewerk het die COSAS mense met die stigting van hierdie jeug-organisasie wat julle beoog het? -- Nee, dit is nie so nie.

Na die vergadering toe julle bymekaar gekom het, die jeug, het jy aan hulle - hoeveel was julle omtrent gewees? -- Omtrent vyftig.

Het jy aan hulle gesê dat daar ŉ behoefte bestaan vir ŉ jeugorganisasie weens die probleme in die Vaal? -- Nee, ek het dit nie so gesê nie.

Het jy nooit so iets gesê nie? -- Ek het nie hierdie woorde gebesig soos nou deur u gebesig word nie.

Die woord "probleme", het jy dit nooit gebruik nie ? -- Ek onthou nie of ek dit gebruik het nie, maar wat ek sê is, die manier waarop dit nou gestel word deur die advokaat is nie die manier waarop ek daar gepraat het nie.

Sê vir ons die manier waarop jy gepraat het oor

probleme/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

probleme en die noodsaaklikheid vir die stigting van ŉ jeugorganisasie? -- My toespraak aan die mense was die volgende. Dat ek aan die persone daar aanwesig gesê het dat dit nodig was vir ons, die jeug, wat nie meer op skool is om ŉ organisasie te stig, want ons is nou baie wat nie skool loop nie en ons het hierdie probleme dat die meeste van die jeug spandeer hulle tyd deur gebruik te maak van drank in die dranksmokkelhuise en toe gesê dat dit nodig was vir ons om bymekaar te kom om dinge te doen wat vir ons goeie resultate sal gee. Dit is hoe ek dit gestel het.

Jy het gister vir die Hof gesê dat terwyl jy in COSAS was - COSAS se beleid is eintlik net gemik op onderwys en niks anders nie. Sê jy dit gaan nie verder as die onderwys nie?

HOF : Laat ons nou net duidelikheid kry, beleid gemik op. Bedoel u COSAS betree slegs die onderwysterrein?

MNR. JACOBS : Terrein.

HOF : Dit is wat bedoel word. Ek weet nie of dit so getolk is nie. -- COSAS is gestig alleenlik om te doene te hê met onderwys. Daar is wel party kere waar COSAS saam met ander organisasies werk.

Buite die onderwysterrein? -- Ja, dit is so.

MNR. JACOBS : En in die Vaal, het hulle ook saam met ander organisasies gewerk buiten die onderwysterrein? -- Ja, dit is so.

Met watter ander organisasies het hulle saam gewerk in die Vaal? -- Ek was al vantevore deur COSAS toestemming verleen om ŉ toespraak te gaan by Evaton Ratepayers Association se vergadering.

Watter organisasies het hulle nog mee saam gewerk in

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

die Vaal? -- Ek kan nie van ƞ ander een onthou nie.

En in 1984, 1983/84 het COSAS saam met die ander organisasies gewerk in die Vaal? -- Ek weet nie.

Op watter terrein anders as die onderwysterrein was daar samewerking met die ander organisasies? -- Soos ek alreeds gesê het, ek het ƞ toespraak gaan lewer by die Evaton Ratepayers Association se vergadering en Evaton Ratepayers Association is ƞ organisasie wat te doene het met die gemeenskap.

En in die onderwysbeleid van COSAS, is dit gemik net op die onderwys maar was daar nog ƞ finale doel agter dit gewees? -- COSAS was ƞ organisasie gewees wat te doene gehad het met die onderwys oor sekere dinge wat eintlik nie aanvaar is of aanvaarbaar is vir ons as skoliere nie en dit het hulle onder die regering se aandag gebring, met die oog daarop dat die regering dit moet regstel.

Was die finale doel van COSAS nie, die finale bevryding van Suid-Afrika? -- Ek het nie sulke kennis nie.

En is dit nie so dat COSAS verwerp enige dialoogvoering met die regeringsorgane of instansies nie? --

MR BIZOS : Does the question relate to the present or the immediate past or the long past?

MNR. JACOBS : Ek stel dit as COSAS beleid.

HOF : Maar u moet nie die getuie nou vra wat die huidige beleid van COSAS is nie, want ek stel nie daarin belang nie. Ek stel net belang in wat gebeur het in die tyd wat gedek is deur die akte van beskuldiging en miskien wat dit vooraf-gaan of daarna, insoverre dit op daardie tyd betrekking het.

MNR. JACOBS : Ek sal sê 1983/84, was dit nie hulle beleid gewees nie? Van 1983 tot 1985? -- Ek weet nie.

Kyk ƞ bietjie na BEWYSSTUK C103, dit is in volume 6.

Kyk/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Kyk na die eerste paragraaf daarso. Net om die dokument te identifiseer dit is C103 met 'n opskrif bo aan "Policy of the Congress of South African Students." Dan 'n eerste paragraaf "Our policy will be bent towards the philosophy that" dan die laaste sin daar "will in the final analysis lead to the total liberation of South Africa." Stem jy saam dit is die beleid van COSAS vir die "total liberation of South Africa"?

MR BIZOS : I wish the prosecutor would read it correctly. "In South Africa", not "to South Africa". -- Ek sien hierdie dokument vir die eerste keer. Ek het dit nooit vantevore gesien nie.

HOF : Is dit die beleid? -- Nee, ek weet nie op die huidige oomblik nie, maar toe ek my lidmaatskap daar gestop het, het ons nog nie vantevore 'n soortgelyke dokument gehad met 'n soortgelyke"policy" nie.

Nee, maar dit is nie die vraag nie. Die vraag is of dit, toe u lid was, die beleid was van COSAS "to lead to total liberation in South Africa", ja of nee? -- Nee.

MNR. JACOBS : Kom ons kyk net daar oor die dialoogvoering. Was dit die beleid van COSAS dat "we maintain that a genuine and meaningful change will be brought about by the will and power of the people. We reject any direct or indirect dialogue with the government created bodies or institutions." Was dit die beleid van COSAS? -- Nee.

Kyk na die laaste paragraaf, is dit die beleid van COSAS of was dit die beleid van COSAS "We outrightly reject the government's strategy of granting concessions to a sector of our society as an attempt to create a middle class in order to render our struggle ineffective. We do not

recognise/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

recognise these concessions and grouping of people into classes. We fight a single group and class in this society."

COURT : "We fight as a single group." Was dit die beleid van COSAS? -- Nee.

Met ander woorde, as ek die paragraaf korrek vertolk, ek mag dit verkeerd vertolk, maar laat ons vir die oomblik die vertolking as korrek aanvaar, dit is onderhewig aan debat, as die vertolking reg is, sou dit beteken dat COSAS staan vir ŉ klaslose samelewing. Of dit reg is of verkeerd, wil ek nie vir u kommentaar vra nie. Was dit COSAS beleid in u tyd om te staan vir ŉ klaslose samelewing? -- Nee.

MNR. JACOBS : Die res van die dokument, is daar enige van die ander paragrawe wat jy sê wat wel COSAS beleid is of nie?

MR BIZOS : I do not want to object all the time. The witness has made a distinction. The policy whilst I was there was this. An undated document is produced and now the question is again what is the policy.

HOF : Was dit my vraag, want dit was nie so bedoel nie?

MR BIZOS : No, the last question.

HOF : Nee, dit is verkeerd, mnr. Jacobs. Ons moet die saak beperk tot die tyd toe die getuie - wat die getuie erken hy aan COSAS behoort het.

MNR. JACOBS : Kan hy net deur die ander kyk en vir ons sê ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Maar u kan nie van die getuie verwag om die hele dokument wat hy nou vir die eerste keer sien, sê hy, deur te lees en dan te sê ja, dit of dat nie. Dit is darem ŉ bietjie vinnig. Dan moet u hom die dokument huis toe gee en hom môre daaroor vra of wanneer ook al, maar u kan nie dit op dié manier doen nie. Haal ŉ sin uit en sê "Was dit toe

jy/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

jy daar was, die beleid, ja of nee?" Moenie ons tyd mors met ꞌn klomp goed wat in elk geval op watter interpretasie ook al, dood onskuldig is nie.

MNR. JACOBS : Ek wil die volgende vir jou voorlees "We condemn the present system of education which is aimed at: Rendering the us perpetual slaves in the country of our birth. Maintaining White superiority and dividing the people into ethnic groups classes that our going to render our struggle ineffective." Was dit COSAS se onderwysbeleid? -- Nee, dit is nie so nie.

En dan die volgende een "We envisage a society where free and compulsory education will cease to be a privilege but be a right and one that is democratically determined to teach the people to love one another. Maintain their culture and dignity and honour human brotherhood." -- Nee, dit was nie so nie.

Was jy op 1 September 1983 - het jy die land verlaat na Botswana toe en het jy op 1 September 1983 die land binnegekom van Botswana af nadat jy hom daar besoek het?

HOF : Ek wil nou weet. Het hy op 1 September 1983 die land verlaat of het hy op 1 September 1983 die land binnegekom?

MNR. JACOBS : Hy het hom binnegekom na ꞌn besoek aan Botswana? -- Ek kan nie ꞌn presiese datum onthou nie, maar wat ek wel kan sê is, dit was in Septembermaand gewees.

HOF : Van 1983? -- Ja, dit is so.

MNR. JACOBS : Wanneer het jy uitgegaan? Hoe lank voordat jy nou teruggekom het na Botswana toe? -- Ek was vir twee dae daar gewees, wat ek daar spandeer het. Dit wil sê ꞌn dag en nag.

Wie het jy gaan besoek daar in Botswana? -- Ek het by

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

die gesin Williamson daar gewoon.

Ja, dit is waar jy gewoon het, maar wie het jy gaan besoek daar? -- Ek was in die geselskap van ŉ vriend van my wat by hierdie gesin gaan kuier het. Dus, ek en die vriend van my was by die gesin tuis.

Het jy daar kontak gemaak met die ANC mense?

MR BIZOS : I want the witness to answer it before I say something about this. -- Nee, dit is nie so nie.

I am seeking a ruling whether it is proper for a prosecutor to put that question where he has alleged in paragraph (c) on page 72 of the further and better particulars that none of the accused had any contact with the ANC. Is it proper for a prosecutor to say in his further particulars that none of the accused had any contact with the ANC and then put a question which suggests that that was so in cross-examination?

HOF : Wat is u antwoord daarop, mnr. Jacobs?

MNR. JACOBS : Op die stadium toe die besonderhede verskaf is, was sekere inligting nie tot my beskikking gewees nie. Op ŉ later stadium het inligting tot my beskikking gekom. Die vraag is aan hom gevra. Ek dink ek is geregtig om dit te vra. As die beskuldigde dan sy antwoord vir my gegee het, kan ek dit eintlik nie verder vat nie. Dit is die beginsel van bewysleer, maar ek dink sekerlik ek kan hom dit vra op inligting wat agterna bekom is.

HOF : Wel u kan dit nie verder voer solank as wat daardie besonderhede bestaan nie. Die saak is hy het nie kontak nie.

MNR. JACOBS : Dit is so.

MR BIZOS : I may also indicate that I have reason not to accept the assurance that this information only became

available/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

available very recently.

HOF : Ja, wel, ek gaan nie ŉ verhoor-binne-ŉ-verhoor daaroor hou nie.

MNR. JACOBS : U het vir ons gesê dat op die tweede byeenkoms van Junie 1984 het jy ook ŉ COSAS herdenkingsdiens bygewoon. Was dit geadverteer gewees? -- Ja, dit is so.

Hoe was dit geadverteer? -- Dit was in die koerantberigte bevat dat daar ŉ herdenkingsdiens gehou gaan word by die Rooms Katolieke Kerk Small Farms.

Was die byeenkoms in ander plakkate of pamflette geadverteer? As ek reg onthou het jy vir ons gesê daar was twee. Een was gehou deur die Azanian Peoples' - AZAPO mense nadat daar blykbaar ŉ twis tussen COSAS en AZAPO ontstaan het? -- Ek het self na Small Farms toe gegaan met die oog daarop om die herdenkingsdienste by te woon. Met my aankoms daar het ek gevind dat daar ŉ groot kennisgewing geskryf was op ŉ stuk papier dat die herdenkingsdiens verskuif is na Gebied 12 toe.

Onder wie se naam het hierdie groot papier verskyn? -- Verskoon my, ek het ŉ fout gemaak. Dit is nie Gebied 12 nie, maar Anglikaanse Kerk in Gebied 13 is die verskuiwingsplek. Dit is in 1984. Die kennisgewing het nie aangedui deur wie dit gemaak was nie.

En in die woongebied, was daar enige pamflette versprei of plakkate? -- Nee, ek het dit nie gesien nie.

Het jy enige kennisgewings daar gekry dat ook die ander faksie se diens verskuif is of sou dit nog daar plaasgevind het? -- Watter is die ander faksie nou?

Is dit nie AZAPO wat daardie selfde dag hulle eie diens gehou het nie? -- Nee, ek het geen ander kennisgewing

gesien/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

gesien nie, behalwe die een wat ek alreeds genoem het by die Roomse Kerk Small Farms.

HOF : Kan ek net duidelikheid kry nou. Ek het die indruk gehad dat daar een diens geadverteer is, dat dit geadverteer is in die Roomse Kerk Small Farms, dat daar bewerings was dat die COSAS mense die diens gekaap het na die ander kerk, sê nou maar die Anglikaanse Kerk Gebied 13 en dat AZAPO hulle daarvan beskuldig het. -- Ja, dit is so.

Is dit wat gebeur het ook? -- Ja, eintlik is dit wat gebeur het. Kyk, toe ek daar kom, was daar hierdie kennisgewing gewees dat die herdenkingsdiens verskuif is na Gebied 13 toe. Ek is dus na Gebied 13 toe. Terwyl ons nou daar gesit het, het AZAPO mense daar opgedaag en gesê dat AZAPO se ondersteuners moet teruggaan na Small Farms toe. Met die gevolg dit beteken dus dat AZAPO se herdenkingsdiens sou nog plaasgevind het in Small Farms.

MNR. JACOBS : Was daar mense gewees in Small Farms van AZAPO wat sou voortgaan met hulle herdenkingsdiens? -- As ek nog reg onthou was dit in getal net twee persone gewees wat uit die saal uitgegaan het.

Ek verstaan nou nie. Wat bedoel jy met wat uit die saal uitgegaan het? -- Wat ek daarby bedoel is, in die saal waar ons nou die herdenkingsdiens gehou het te Gebied 13 Anglikaanse Kerk het daar vier persone opgedaag wat gesê het die ondersteuners van AZAPO moet terugkeer na Small Farms toe. Van die persone daar teenwoordig wat die herdenkingsdiens alreeds bygewoon het daar, het net twee persone opgestaan en aangesluit by die vier. Dit wil sê ses persone het daardie plek verlaat.

Maar toe jy gekom het by Small Farms waar die diens oorspronklik sou gewees het - is dit reg, hy sou oorspronklik

in/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

in Small Farms gewees het? -- Ja, dit is so.

Toe was die AZAPO mense seker ook al daar gewees om hulle vergadering te hou of hulle byeenkoms te hou? -- Met my aankoms daar het hulle nog nie opgedaag nie, want die herdenkingsdiens het ook nog nie eers begin nie.

Op hierdie herdenkingsdiens, wie was die COSAS mense wat in beheer was van daardie diens wat jy bygewoon het? -- Alex Skosana was die voorsitter. Daar is van die mense daar wat ek eintlik beskou het as lede van COSAS omrede hulle COSAS se T-hempies aangehad het, maar ek is nie seker of hulle lede was nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Is dit die Alex Skosana wat vir mnr. Amos Malindi opgevolg het as voorsitter van COSAS? -- Ja in 1984 was Alex die "chair person" gewees.

Hier in 1983 en met die onderhandelinge rondom die uitgaan - rondom die nuwe organisasie vir mense wat uit COSAS uitgegaan het omdat hulle nie meer in die skool is nie, waar was mnr. Skosana toe gewees? Was hy ŉ lid van COSAS of waar was hy, want ŉ mens hoor nie eintlik van hom nie. 1982/83? -- Hy was nie op daardie stadium ŉ lid nie.

MNR. JACOBS :

Op hierdie vergadering, het jy ŉ toespraak gelewer daar? -- Ja, dit is so.

Hoe het dit gekom dat jy op hierdie vergadering ŉ toespraak lewer? -- Ek het na die tafel toe beweeg by Alex waar ek hom versoek het om vergunning dat ek moet praat.

Jy het altyd nog baie noue kontak gehou, lyk dit vir my, met COSAS. Is dit reg? -- Nee, dit is nie so nie.

Nou hoekom wou jy dan op hierdie COSAS vergadering weer gepraat het? -- Met die herdenking van Junie 16 se dag, is dit nie net vir COSAS nie. Dit kan wees dat COSAS miskien

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

die organiseerders van die herdenkingsdiens was, maar almal teenwoordig daar is geregtig om 'n toespraak te maak by hierdie herdenkingsdiens. Daar is baie ander mense wat daar opgedaag het wat nie eers aan die mense bekend was en aan die voorsitter wat gevra het dat hulle ook moet praat nie en hulle was daardie toestemming gegee om te praat.

Waaroor het jy gepraat? -- Wat ek gesê het, was sedert die tyd wat ons die idee gehad het dat daar 'n jeugorganisasie gestig word in die Vaal, is daar nie 'n goeie vordering daarvan nie. Ek het verder gesê ons is van voorneme dat ons die area "working groups" weer sal moet herstig met die oog daarop om voort te gaan met hierdie werk. Ek het toe 'n versoek gerig aan die persone wat ons nog nie gespreek het nie dat hulle 'n plan moet beraam om by ons uit te kom sodat ons hulle kan inlig van wat gedoen moet word. Ek onthou tot dusver wat ek gesê het.

Wie is ons? -- Met ons verwys ek na ons "working group" van Gebied 13 wat alreeds begin het met die herstigting van die "working group". Dus was ons alreeds besig met die voorbereidings om die ander "working groups" te laat herstig. Waar ek gesê het dat die mense sal moet 'n plan beraam om by ons uit te kom om met ons 'n gesprek te voer, daarby bedoel ek dat hulle moes eintlik met my in aanraking kom, want ek is die persoon wat daardie toespraak gemaak het daar.

Wie was Gebied 13 se werksgroep op hierdie stadium? -- In 1984 ekself, Isaac Johnson, Oupa Mariletsi, Fisto, Kehla Guyama, Nali, Andries Motsamai. Master Masango was ook by ons gewees alhoewel hy in Gebied 12 gewoon het.

Is dit al? -- Dit is omtrent al wat ek nog kan onthou.

HOF : Die Johnson, is dit Johnson of Johnston? -- Johnson.

Dit is Isaac maar watter ander van het hy? -- Tseko.

MNR. JACOBS/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

MNR. JACOBS : Het die ander werksgroepe met jou kontak gemaak? -- Ja, dit is so.

Kom ons vat hulle een vir een. Wie het met jou gekontak? Watter werksgroep? Noem vir ons die name van die plekke? -- Die "working group" van Gebied 13 het hulle besoek afgelê by die "working group" van Evaton.

Wie is die Evaton groep? -- Themba Mazibuko, Moses Khangula, Napo, Mbuthi.

Mbuthi wie? -- Ek weet nie wat is sy van nie.

Wanneer het julle daardie groep ontmoet? -- Ek kan nie meer so goed onthou wanneer dit was nie, maar ek dink dit was onmiddellik na 16 Junie.

So, onmiddellik na 16 Junie het daar ŉ groep van die Vaal Youth Congress in Evaton bestaan? ŉ Werksgroep van die te stigte Vaal Youth Congress?

MR BIZOS : I do not know whether I do not hear the evidence correctly or whether My Learned Friend does not understand it.

HOF : Ek het ook nog nie van ŉ kongres gehoor nie.

MNR. JACOBS : Wat was die presiese naam van hierdie groep? -- Ons het onsself "working groups" genoem.

Was hierdie een van Evaton sommer net Evaton "working
K660 group" genoem? -- Ja, ons het dit genoem Youth Working Groups.

So, daar het in Evaton ŉ Evaton Youth Working Group bestaan? -- Nee, Youth Working Group van Evaton.

Het hulle daar georganiseer? Was hulle aktief in Evaton? -- Hulle het probeer om alles te verkry om aan te sluit by die "working group" van Evaton.

Het hulle vergaderings gehou, massavergaderings met die jeug? -- Nee.

Hoe/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Hoe het hulle die mense probeer kry om by hulle aan te sluit? -- Wat hulle gedoen het was byvoorbeeld die mense wat alreeds in die "working group" is, as hulle ŉ vergadering gaan hou, sal elk van hulle ŉ vriend nooi om teenwoordig te wees by hierdie vergadering. Dan sal daardie vriend by hierdie vergadering hoor waar dit gaan.

Wat se vergadering verwys u na wat hulle gehou het? -- Vergaderings wat ek van praat byvoorbeeld ons in Gebied 13. Ons het ŉ vergadering gehou elke veertien dae. Dan sal ons mense nooi om teenwoordig te wees tydens die gesprekke in die vergadering.

Het Evaton dieselfde metode gevolg? -- Ek weet nie hoe dikwels hulle vergader het nie, maar hulle het wel vergaderings geroep indien dit vir hulle nodig was om dit te doen.

Op 27 November 1983 het jy mos nou gesien daar is in Bophelong ŉ jeuggroep. Onthou jy, die plakkaat was daar gewees, die banier met hulle naam op? -- Ek het nie van die bestaan van Bophelong Youth Congress geweet nie.

Het jy ooit probeer met jou belangstelling om uit te vind waar is hulle en wat gaan aan en hulle te betrek in julle groep? -- Dit kan wees, ja, einde Mei of begin Junie 1984.

Wat het toe gebeur? -- Dit was in daardie tyd wat ons verneem het van die bestaande jeugorganisasie te Bophelong wat aan ons bekend geword het as Bophelong Youth Association.

Het julle met hulle gekontak? Julle wou die mense mos nou almal gesamentlik organiseer? Jy is mos nou angstig om te organiseer vir ŉ jeugorganisasie? -- Ons het hulle per brief genooi na ons vergadering toe. Hulle het nie by hierdie vergadering opgedaag nie.

As/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

As jy so angstig was om die jeug te organiseer, het jy gegaan na hulle toe om uit te vind? -- Ons het een van ons mense gestuur om soontoe te gaan.

Na wie toe het jy hom gestuur? Wie is die persoon wat hy moes gaan sien het? -- Wat ons gedoen het, was, die persoon het ons gestuur na Johnny Motete dat hy vir Johnny Motete moet vra dat indien hy wat Johnny Motete is weet wie die persone betrokke is by hierdie organisasie van Bophelong Youth Association, moet hy, Johnny, toesien dat hierdie persoon wat ons gestuur het by die mense van die Youth Association uit-kom, dan sal hy, die persoon wat ons gestuur het, ŉ gesprek met daardie mense uitvoer.

HOF : Behalwe die Youth Association, was daar nie dalk ook ŉ Youth Congress nie? -- Waar? Te Bophelong?

Te Bophelong? -- Ek het nie daarvan geweet nie.

Dit het my miskien ontgaan, maar ek het gedink op die banier staan Bophelong Youth Congress? Of was dit Organisa-tion?

MR BIZOS : No, Your Lordship is correct, it was congress. Perhaps the witness should be asked about that, because that is my recollection. -- My getuienis is dat toe ek hierdie banier vir die eerste keer op 27 November 1983 by daardie vergadering gesien het, het ek nie opgelet dat op die banier self geskryf staan Bophelong Youth Congress nie.

HOF : Het u sedertdien ook nie agtergekom dat daar ŉ ding is wat hom self noem Bophelong Youth Congress nie? -- Nee, ek het dit nie geweet nie.

MNR. JACOBS : Dit is net vir my bietjie nou onduidelik. Julle skryf eers ŉ brief. Julle moes dit tog geskryf het aan ŉ persoon om hulle uit te nooi om - ŉ jeugorganisasie

in/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

in Bophelong uit te nooi om na julle te kom vir ŉ vergadering. Wie is die persoon aan wie julle geskryf het? -- Omdat ons niemand geken het as ŉ lid van Bophelong Youth Association nie, was die uitnodigingsbrief geadresseer aan Bophelong Youth Association.

Na watter adres toe? -- Hierdie brief was per hand gestuur.

HOF : Aan wie? -- Ek weet nie aan wie dit gestuur was nie, want die skryf van die briewe was gedoen deur Oupa Mariletsi en daar was ŉ versoek aan hom dat hy moet toesien dat die briewe afgelewer word.

MNR. JACOBS : Was jy nog steeds die voorsitter van daardie groep wat vir Oupa Mariletsi die opdragte gegee het? -- Nee, ons het nie sulke posisies gehad in ons "working group" van Gebied 13 nie.

HOF : Ek wil u ŉ vraag vra oor hierdie terminologie. Onderskei u as u ŉ vereniging het tussen ŉ "association", ŉ "organisation" en ŉ "congress"? Ek vra u die vraag omdat ek verskillende groepe kry en party word "association" genoem en party "congress" en party "organisation". -- Ek maak geen onderskeid nie. Wat my betref, ŉ groep mense wat bymekaar is en wat besig is om iets te doen sal net besluit wat hulle genoem moet word, òf ŉ organisasie, òf ŉ kongres of wat ook al. Dit is vir hulle om te besluit.

MNR. JACOBS : Het julle iets probeer doen om uit te vind of daar ander gebiede soos Boipatong ŉ organisasie bestaan? -- Ja, daar was so ŉ vraag gewees wie die persoon is met wie ons in aanraking kan wees daar. Ons kon niemand kry kry by wie ons kon aandoen om kontak te maak met daardie mense nie.

Het julle geweet wie VCA se verteenwoordigers in

Bophelong/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Bophelong en Boipatong was?

HOF : Het u geweet dat daar 'n organisasie was? --Nee, ek het nie.

MNR. JACOBS : Het julle probeer vasstel deur VCA of hulle vir julle in verbinding kan bring met jeuggroepe in daardie gebiede? -- Nee.

Was Johnny Motete nie 'n gebiedsverteenwoordiger van VCA nie? -- Johnny Motete was gekies in die komitee van VCA Bophelong. Laat ek dit so stel. Hy was gekies op die komitee van VCA as 'n lid. Hy was te Bophelong woonagtig.

Weet jy vir watter gebied was hy die gebiedsverteenwoordiger of was hy nie een nie? -- Ek weet nie daarvan nie.

Die mnr. Sithole wat dood is wat die begrafnis was ek dink 23 September 1984, het hy aan enige werksgroep behoort? -- Ja, hy het al in die "working group" van Gebied 13 gedien.

Het hy daardie tyd toe jy nou weer hierdie herorganisasie probeer doen gedien in die werksgroep van Gebied 13? -- Nee, hy is - sy lidmaatskap is beëindig in ons groep van Gebied 13.

Hoekom? -- Dit is omdat hy gesê het hy is meer geïnteresseerd in die stigting van die areakomitee van VCA in Gebied 13.

Kan jy dan vir ons sê hoe het dit gekom dat daar by sy begrafnis dan 'n banier van die Vaal Youth Congress of Youth Association was? Ek kan nie nou presies onthou nie.

MR BIZOS : Vaal Youth Congress Zone 14 branch. -- Ek weet nie hoe dit gekom het nie, maar ek het ook daardie banier self die dag van die begrafnis gesien.

MNR. JACOBS : Wie was die komitee of die werksgroep van Zone 14? -- Ek onthou ene Mamsi Lesitho, Abner, Misheck en nog 'n ander paar mense wie ek nie by name ken nie.

HOF/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

HOF : Die Misheck is dit die persoon wat al vantevore hier genoem is of 'n ander persoon? -- Dit kan wees dat ek sy naam genoem het toe ek die mense se name genoem het wat in die "working groups" gedien het.

Ons het 'n Misheck gehad wat by die groep was wat die plakkate vasgehou het voor die kerk op 27 November 1983? -- Nee, dit is nie dieselfde een nie.

MNR. JACOBS : Hierdie Mamsi Lesitho, Abner en Mishack, was hulle by die begrafnis van Sithole gewees? -- Ek het Mamsi by die begrafnis gesien.

En die ander mense, dié wat jy nie die name van ken nie? -- Ek het hulle nie gesien nie.

En hierdie mense wat die baniere gedra het daar, kan jy vir ons sê wie is hulle of banier, daardie een van die "youth"? -- Dit was vreemde persone.

HOF : Is Mamsi 'n dame of 'n man? -- Dit is 'n dame.

MNR. JACOBS : Is daar nog ander groepe wat daar gevorm het wat opgetree het in die Vaal? Was dit nou Evaton, was dit nou julle s'n in jou gebied en dan Gebied 14? -- Gebied 3 se "working committee" het nie daarin geslaag om dit in 1984 te help stig nie. Gebied 7 het ons 'n paar mense gekry. Dit was dus weer gestig.

Wie was hulle?-- Tshipa Motubatsi, Modise Reuben en ander nuwelinge wat nie aan my bekend is nie.

HOF : Is Reuben sy van of is dit 'n voornaam dat u sy van nog nie genoem het nie? -- Dit is sy van.

MNR. JACOBS : Ander Gebiede? -- Dit is al plekke wat ek onthou.

Het julle weer 'n sentrale liggaam gevorm om beheer uit te oefen oor al hierdie gebiede? -- Nee, ons het nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG.

HOF/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

HOF HERVAT.

GCINUMUZI PETRUS MALINDI, nog onder eed

HOF : Mnr. Jacobs, dit is nou baie lekker hier in Delmas, maar ek wil nie in Delmas met pensioen aftree nie. U moet ŉ bietjie vinniger gaan met hierdie kruisondervraging.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Malindi, Ek wil net vir jou oor hierdie dienste wat gehou was op 16 Junie, die twee wat jy van getuig het, vra, was daar op hierdie dienste vryheidsliedere ook gesing? -- Ja, dit is so.

En was daar dan ook slagspreuke daar geskreeu oor Olivier Thambo en hierdie mense, Viva Thambo soos dit gewoonlik gedoen word? -- Ek kan nie daardie slagspreuke onthou oor Thambo nie.

Was daar oor ander leiers van die ANC slagspreuke geskreeu soos Mandela? -- Ja, daar was ŉ slagspreuk gewees oor Mandela.

En oor Mkhonto we Sizwe? -- Nee.

Gesing oor Mkhonto we Sizwe? -- nee.

Gesing in die vryheidsliedere oor Oliver Thambo? -- Ja, daar is ŉ lied wat ek gehoor het oor Oliver Thambo.

Is dit daardie een oor "Thambo is in the bush, training the soldiers"? -- Nee, nie daardie een nie.

Watter een was dit? -- Ek ken nie daardie lied nie. Dit was die eerste keer wat ek daardie lied gehoor het.

Jy het gesê jy het van die huur gelees in die koerant in Juliemaand, van die huurverhoging. Is dit reg? -- Ja, dit is so.

En toe het jy vir Edith gekonfronteer omtrent wat gaan die VCA doen omtrent hierdie verhoogde huur? -- Ek het toegesien dat ek met Edith in aanraking kom en toe van haar verneem of hulle enigiets gaan doen omtrent hierdie verhoging.

Hoekom/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Hoekom was jy so ernstig gewees oor hierdie huur dat jy met Edith in aanraking gekom het? -- Dit het my baie gepla dat die huur verhoog gaan word, want destyds was ek die enigste persoon wat gewerk het van my familie wat dan verantwoordelik was vir die betaling van die huur.

Wat het jy verwag moet VCA doen omtrent die verhoogde huur? -- Ek het verwag dat die VCA moet sê dat ons nie tevrede is met die verhoging van die huur nie. Dat VCA sal gaan vra vir 'n opskorting van hierdie verhoging.

Op 25 Augustus 1984 het jy 'n vergadering bygewoon? -- Ja, dit is so.

Wie het hierdie vergadering georganiseer? -- Vaal Civic Association.

Weet jy watter - was daar enige van die gebiedskomitees verantwoordelik vir die organisasie daarvan? -- Nee.

Het julle 'n gebiedskomitee gehad in Gebied 13? -- Nee, dit was nog nie gestig nie.

Op hierdie vergadering, toe jy daar gekom het, wie het almal voor by die tafel gesit? -- Mnr. Molantoa en twee vreemdelinge.

Die vreemdelinge, is hulle mense nie van daardie gebied nie? -- Ek ken hulle nie. Ek weet nie waar woon hulle nie.

Het jy hulle nie ontmoet daar nie? -- Nee, ek het nie.

Jy het by die tafel gaan sit. Is dit reg? -- Ja, dit is reg so.

Hoekom het jy by die tafel gaan plek inneem? -- Esau het my gevra om notas te neem.

En voor Esau jou gevra het om notas te neem, het jy toe ook al by die tafel gesit? -- Nee.

Hoe het Esau geweet jy sal daar wees of jy was daar?

Hy/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

-- Hy het my sommer daar binne-in die vergadering gesien.

En Edith, was sy daar gewees? -- Ek onthou nie.

Was daar enige plakkate opgeplak in die saal of binne-in die kerk waar die vergadering plaasgevind het? -- Daar was plakkate gewees wat op die omheining van die kerk was.

Gedrukte plakkate? -- Dit was baie mooi geskryf was. Ek kan nie sê of dit gedrukte plakkate was of geskrewe plakkate was deur 'n persoon wat netjies kon skryf nie. Wat sy tyd geneem het om te skryf.

En die plakkate, was dit VCA plakkate of was dit ander organisasies ook? -- As ek reg onthou het dit die vergadering adverteer as VCA se vergadering.

Was raadslede genoem in daardie advertensies in daardie plakkate en die raadstelsel? -- Ek onthou dit nie.

Voordat jy nou genooi was om te gaan notas neem daar, wie het die notas geneem op daardie vergadering? Wie het die notule gehou? -- Ek het nie opgelet of daar iemand anders was wat notas geneem het nie.

Toe Esau daar kom, het hy die vergadering sommer net so oorgeneem as voorsitter? -- Esau was die hele tyd teenwoordig in die saal.Toe dit by hierdie tydstip gekom het, was dit toe gesê dat hy nou oorneem as 'n voorsitter.

Watter tydstip praat jy nou van? -- Op die tydstip van besprekings of daar nou resolusies is wat deur hierdie vergadering aanvaar word om dit te bespreek. Op daardie tydstip het hy toe oorgeneem.

Die sprekers voor hulle, voordat daardie tyd aangebreek het, almal van hulle, het hulle gepraat teen die verhoogde huur? -- Ja, dit is so.

Het hulle ook gepraat teenoor die raadslede? -- Ek

onthou/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

onthou dat mev. Letanda iets gesê het gekant teen die Raad van die Vaal.

Wat het sy gesê teen die Raad? -- Sy het gesê hierdie persone, met verwysing na die raadslede, toe hulle nou besig was om te "canvass" vir die verkiesings, het hulle gesê dat hulle totaal in beheer gaan wees van die woonbuurt. Hulle het gesê die Blankes sal uit die lokasies uitgaan, daarna sal dinge reg kom en toe verder gesê dit is nou duidelik dat eintlik hierdie persone is handlangers van die boere. Daar is geen verbetering nie.

Is dit nou handlangers of "puppets"? -- Die woord deur haar gebruik het ek vertolk as "puppets". Dit is wat sy gesê het.

Is sy die enigste spreker wat teen die raadslede gepraat het of teen die Raad? -- Sy is die enigste spreker wat ek gehoor het wat teen die Raad gepraat het.

Is daar enigiets gepraat dat hulle nie die raadslede wil hê nie en nie die Raad wil hê nie deur enige spreker? -- Tydens die besprekings van resolusies was daar besprekings gewees wat omringend bepaal het of gesê het dat die raadslede moet bedank.

HOF : Vanaf die vloer? -- Ja, dit is so.

MNR. JACOBS : Maar die deel van die toesprake waar jy by was, was daar enige mense wat daar aangedring het dat ontslae geraak moet word van die raadslede, dat hulle moet bedank? -- Nee.

Oupa Mariletsi, weet jy of hy aan enige organisasie behoort in die Vaal? -- Hy was nie 'n bestaande - 'n lid van enige bestaande organisasie in die Vaal nie.

Waar kom hy vandaan? -- Hy woon in Gebied 13.

Was dit sy voorstel gewees dat daar 'n wegbly-aksie

moet/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

moet wees op die 3de? -- Nee.

Van wie af het dit gekom? -- Dit was bespreek deur verskillende persone wie ek nie by name ken nie.

Wie het dit voorgestel? -- Ek weet nie.

Wat was bespreek wie moet almal deelneem aan hierdie wegbly-aksie? -- Dit was gesê die werkers.

Net die werkers? -- ja.

Wat van die jeug en die ander mense? -- Die jeug wat alreeds gewerk het destyds sou ook weggebly het van die werk hierdie dag.

HOF : En die skole? -- Niks was bespreek aangaande skole nie.

Wat het u gedink? -- Wat ek gedink het is as ŉ persoon praat van werkers sluit dit almal wat werk in, ingesluit die onderwysers.

Dus daar sou nie skool wees nie? -- Ja, dit beteken dus dat daar nie skool sou gewees het nie. As die onderwysers die beroep aanvaar het dat hulle as werkers nie moet werk nie.

MNR. JACOBS : Is dit nie so dat in alle gevalle daar in die Vaal word die skoolkinders en ander kinders ingesluit by alle aktiwiteite daar nie? -- U sal vir my ŉ voorbeeld moet noem. Soos wat?

ŉ Eenvoudige ding, die advertensie waarna jy verwys het gister wat jy gesê het of nie gister nie, toe jy getuienis-in-hoof gegee het, BEWYSSTUK AN4. Daardie kennisgewing van die vergadering is ŉ uitnodiging aan "Parents, residents, children and workers."

MR BIZOS : It is AN15(iii).

HOF : Bedoel u AN15?

MNR. JACOBS/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

MNR. JACOBS : AN15(iv). Dan gaan dit verder "Community council has increased rent again. Let us meet against this unjust action taken by the councillors in our township." Stem jy saam dit was ook ŉ uitnodiging gewees na die kinders? -- Ja, ek stem saam met wat u gelees het wat daar geskryf is.

As die kinders, ons sal nou daarby uitkom, die uitnodiging na die vergadering gehad het, as hulle die vergadering bygewoon het, dan was hulle ook deel van die vergadering en die besluitneming daar? -- Ons as kinders wat daar teenwoordig was by hierdie vergadering is ek nie in staat om vir die Hof te sê wat se rol ons as kinders daar gespeel het om hierdie besluit te maak nie.

HOF : Laat ons net duidelikheid kry. Beskou u uself as ŉ kind? -- Ja.

Ek het gedink dat u ŉ werkende man was? -- As ek praat van ŉ kind, bedoel ek ek beskou myself as ŉ jong persoon.

Ons praat nou nie van jongelinge nie, ons praat nou van ŉ kind as "children"? -- As dit die geval is, ek beskou die gebruik van die woord "children" hier as gelykstaande aan jong persone, "young persons".

So, u beskou uself as ŉ "child"? -- Ek beskou myself as ŉ jong persoon.

U moet net die vraag antwoord. Beskou u uself as ŉ "child", ja of nee? -- Nee.

MNR. JACOBS : Dan sal ek my vraag weer herhaal. Die kinders wat uitgenooi is na die vergadering wat nie net die jong persone is nie, maar wat jonger is as jy en die ander jong persone het deel gehad aan die besluitneming op daardie vergadering? -- Kinders wat ek daar teenwoordig gesien het is kinders van twintig plus jaar in ouderdom.

En/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

En van hulle was nog seker op die skool gewees? Daar was seker van COSAS se lede daar teenwoordig? -- Ja, daar is wat nog skoolkinders was.

COSAS lede ook teenwoordig? -- Daar is 'n paar wat ek gesien het wat ek self beskou as lede van COSAS.

Het hulle COSAS T-hempies aangehad ook? -- Nee.

So, hierdie skoolgaande jeug, was ook ingesluit in hierdie besluitneming?

MR BIZOS : What "besluitneming"? That is a pamphlet calling people to the meeting. The evidence has been that there has been no talk at the time of the resolution or at the time of the meeting.

COURT : No talk of?

MR BIZOS : The evidence of the witness was whether children were discussed at the meeting, at the time that the resolutions were taken and the answer was in the negative. The pamphlet calling the meeting is now being referred to as a decision. The pamphlet .. (Court intervenes)

COURT : No, no, he says children were invited to the meeting and as they turned up, they participated in the decision making process of that meeting.

MR BIZOS : Then I have misunderstood the question.

COURT : That is how I understood the question.

MR BIZOS : I thought that the decision was referring to the - may I say in answer to what Your Lordship put to this witness.

COURT : But you cannot answer what I put to the witness. If there is an objection to the qestion I formulated, you can make the objection, but you cannot answer that.

MR BIZOS : No, what I am saying is .. (Court intervenes)

COURT : I did not put anything to the witness. I asked

the/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

the witness certain questions.

MR BIZOS : Yes, whether he considers himself a child or not.

COURT : Yes, and he gave me an answer. That is the end of the matter.

MR BIZOS : With the greatest respect ... (Court intervenes)

COURT : You cannot address me on that aspect. You can address me on that at the end of the case or in re-examination you can clear it up. If there is an objection to the question I formulate or the manner I make it or my tone of voice, you can do so, but if there is no objection then you must wait until your turn comes.

MNR. JACOBS : Kan jy ons nou 'n antwoord gee?

HOF : Herhaal net die vraag.

MNR. JACOBS : So, hierdie skoolgaande jeug en lede van COSAS nog daar, het deel gevorm van die prosesneming, van besluitneming oor hierdie wegbly-aksie? -- Ek weet nie wat se rol hulle gespeel het op die besluite wat later aanvaar was as besluite nie.

En ek wil dit aan jou stel dat die besluitneming was daar gewees dat almal in die Vaal sou wegbly op 3 September behalwe sekere uitgesonderde gevalle? -- Die besluit wat daar geneem was was dat op Maandag die 3de 'n wegbly-aksiedag moet wees en daar was wel mense wat vrygestel was.

Hoe het hulle gestem vir hierdie resolusie? -- Al hierdie besluite, soos hulle nou daar is, die stemme was met die oplig van hande.

En het die jeug aan die stemming deelgeneem? Ek noem jeug in die sin van kinders van COSAS se ouderdom en skoolgaande ouderdom, dié wat jy gesê het nog skoolgaande is?

Volgens/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

-- Volgens my observasie almal teenwoordig by hierdie vergadering het deelgeneem aan die stemming,hetsy of hulle dit goedkeur of nie, maar hulle het almal deelgeneem.

Met die stemming oor die wegbly-aksie, was daar enige teenstemme gewees? -- Nee, daar was nie.

Kan jy dan vir die Hof sê dit was 'n algemene wegbly-aksie behalwe vir sekere kwytskeldings of "exemptions" soos jy sê? -- Ja, dit is so.

Dit is net die mense wat kwytgeskel was wat kon gaan werk het of wat nie moes deelneem aan die wegbly-aksie nie? -- Asook diegene wat gevoel het dat hy of sy nie deel wil neem aan hierdie wegbly-aksie, dan het hulle nie deelgeneem nie.

So, daar is 'n moontlikheid dat mense kon weggebly het as hulle wou? -- Ja, 'n persoon wat werk toe wou gegaan het, die 3de, kon gegaan het.

Hoekom was dit dan nodig dat net sekere persone kwytgeskel moes word? -- Dit was belangrik gewees, byvoorbeeld soos mense wat by plekke werk wat te doene het met die gesondheid, byvoorbeeld die hospitaal. As dit nou nie duidelik gestel word en uiteengesit is nie, dan sou daar verwarring gewees het of hulle nou werk toe moet gaan of nie.

Ek verstaan dit nie dat hulle nou spesiaal kwytgeskel moes word nie. As hulle wou weggebly het, dan kon hulle seker ook wegbly? -- Die beroep as dit nou gemaak word en dit word gesê dit word nie verleng om mense te affekteer wat by gesondheidsplekke in diens is nie, dan as 'n persoon wat in daardie dienste is besluit om op sy of haar eie weg te bly, dan is daar niks wat ek kan doen nie.

Maar die vergadering het tog 'n besluit geneem. Hoekom

was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

was dit dan nodig gewees dat die vergadering 'n besluit neem en so 'n ernstige besluit dat mense kwytgeskel word? -- Die eerste persoon wat dit geopper het, het hierdie voorstel uiteengesit deur te sê "Ek stem volkome saam met hierdie wegbly-aksie, maar daar moenie uit die oog verloor word dat daar mense is wat belangrike dienste lewer nie en die mense moet dus nie geaffekteer word nie." Daar is ook verder gesê "Dit is belangrik, want in die hospitaal lê daar siek mense wat hulp nodig het."

HOF : Kan ek u net 'n vraag vra hier. In u leeftyd wat u kan onthou, was daar vantevore wegbly-aksies of is dit al wegbly-aksie wat u van onthou? -- Dit was die eerste keer.

MNR. JACOBS : Is dit net die gesondheidsdienste wat kwytgeskel of vrygestel was van deelname aan die wegbly-aksie? -- Daar is mense wat daarvan gepraat het oor die mense wat in dienste is van die laboratorium wat medisyne en gesondheidsbenodigdhede verskaf. Dié het gesê sulke persone mag ook vrygestel word.

Hulle is nog deel van gesondheidsdienste, is dit nie? -- Ja, dit is so.

Nou behalwe gesondheidsdienste, is dit die enigste mense - laat ek dit so stel, die mense in die gesondheidsdienste, is dit die enigstes wat kwytgeskel was volgens die besluit van daardie vergadering? -- Ja, dit is so, by hierdie vergadering.

Wat van mense wat besighede het en winkels het en so aan in die woongebiede, slaghuise en daardie tipe besighede? -- Niks was gesê van hulle by hierdie vergadering nie.

Was hulle nie ook verplig om aan die wegbly-aksie deel te neem nie? -- Nee.

HOF/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

<u>HOF</u> : Het u gedink dat die winkels gaan oop wees of dat hulle gesluit sou wees? -- Ek het nie aan besighede daardie dag gedink nie. Dit het nooit in my gedagte gekom nie.

<u>MNR. JACOBS</u> : Op die vergadering, wat gepraat is daarso, ons is besig met wat op die vergadering gepraat is? -- Besighede was nie by hierdie vergadering bespreek nie.

Wat van busdienste en huurmotors? -- Niks was gesê omtrent dit nie.

Jy het nou gesê dat op hierdie vergadering is besluit dat daar sal 'n algemene wegbly-aksie wees en dit sou die 3de gewees het en daar sou ook "rallies" gewees het? -- Ja, dit is so.

Laat ons nou net duidelik verstaan, wat is 'n "rally"? -- Dit is 'n groot protesvergadering.

En die "rally" waar sou dit gehou gewees het op die 3de? -- Wat bespreek was daar was daar sulke "rallies" geroep sal word by verskillende plekke.

Groot protesvergaderings by verskillende plekke? -- Ja, dit is so.

By watter plekke sou hulle gehou gewees het? -- Wat gesê was by verskillende areas van die Vaal sal daar 'n groot "rally" wees soos verdeel in gebiede.

Dit is maar die 5de, dit is net kort daarna, hulle moes tog daar bespreek het nou, die mense se voorstel daar, dan moes hulle gesê het waar sou die "rallies" gehou word? Watter tyd dit gehou sou word? Laat ons nou die besonderhede kry? -- Daardie besonderhede was nie genoem nie, byvoorbeeld waar die "rally" gehou gaan word en hoe laat die "rally" sal begin nie. Al wat bespreek was daar was dat daar ooreengekom was dat op die 3de daar groot protesvergaderings

gehou/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

gehou moet word.

Maar hoe het hierdie vergadering nou besluit wie gaan hierdie "rallies" hou op die verskillende plekke? Wie gaan dit organiseer? -- Dit was nie bespreek nie, maar ek as 'n persoon op my eie het aanvaar aangesien die vergadering gelei was deur VCA en dit wat daar gedoen was onder VCA se toesig gedoen was, het ek aanvaar dat dit oorgelaat is aan VCA om die groot protes "rallies" te organiseer.

MR BIZOS : For the sake of clarity, I think it was just a slip of the tongue. The meeting referred to by the prosecutor was the 5th. He surely meant the 25th.

MNR. JACOBS : Ek dink ek het gesê die 25ste, maar as dit so is, het ek eintlik net 'n fout gemaak. -- U het gesê die 5de.

Ek vra verskoning, ek het bedoel die 25ste. Laat ons dan net duidelikheid kry. Het die vergadering dan besluit daar sal by verskillende punte ten minste groot protesvergaderings wees? Op verskillende plekke? -- Ja, dit is so.

Is dit nou net binne Gebied 13 of is dit in die hele Vaal? -- Volgens wat ek verstaan het, sou dit plaasgevind het in die hele Vaal.

So, hierdie vergadering in Gebied 13 maak 'n besluit vir die hele Vaal? -- Hierdie vergadering in Gebied 13 neem 'n besluit dat daar groot vergaderings gehou gaan word deur ons by verskillende plekke om te protesteer teen die verhoging van huur.

Vir die hele Vaal? -- Die besluit is dat dit in die hele Vaal sou plaasvind.

Hoe sou die mense op die ander plekke dan nou geweet het, die res van die mense buite Gebied 13 dat hierdie besluite is nou daar geneem? Wat is daar bespreek in die vergadering?

Hulle/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

-- Hulle sou die kennisgewings gesien het wat dit adverteer dat daar ŉ vergadering in jou wyk of gebied gehou gaan word op so ŉ datum.

So, hulle het daar bespreek dat kennisgewings sal uitgegee moet word vir verskillende gebiede waar vergaderings gehou gaan word? -- Nee.

Hulle het tog seker ook daar bespreek en gesê om die ding nie so in die lug te laat hang nie by hoeveel plekke sal daar sulke groot protesvergaderings wees? -- Nee, hulle het nie gesê nie.

Ek wil dit aan jou stel dat die feit dat julle op hierdie vergadering besluit het dat die enigste mense wat nie verplig sal word om aan die wegbly-aksie deel te neem nie, die mense is van die gesondheidsdienste, omdat julle voorsien het daar gaan moeilikheid wees op die 3de en dat gesondheidsdienste nodig sal wees? -- Die rede van hierdie vergadering was duidelik. Ek het dit aan u duidelik gemaak dat dit bedoel was vir die protes teenoor die verhoging van huur en die rede hoekom ons gepraat het van die mense wat werksaam is met gesondheidsdienste, het ek aan u genoem as die mense by die hospitale het net iemand nodig om na hulle te kyk.

Jy sien, want dit is baie eienaardig dat in jou getuienis-in-hoof het jy gesê dat die enigste mense wat nie verplig is om aan die wegbly-aksie deel te neem nie is die mense in die hospitale en gesondheidsdienste. Verder was almal verplig om aan die wegbly-aksie deel te neem?

<u>MR BIZOS</u> : In the same sentence the witness changed it to exempted.

<u>COURT</u> : Let us get the right word, because "verplig" was

not/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

not uses. That is the Afrikaans one. What is in the English ... (Mr Bizos intervenes)

MR BIZOS : I have page 10 790 which deals with part of it, but the word was exempt.

COURT : There was a different word.

MNR. JACOBS : Die nota wat ek neergeskryf het "Not be compelled to stay away" and dan later word gepraat van "exempted".

MR BIZOS : But that was in the question and not in the answer. I do not know whether in the translation there is a difference between exemption ... (Court intervenes)

COURT : We are not dealing with the word exception or exemption, we are dealing with the word "compel" and "verplig".

MR BIZOS : Page 10 790. "You say that these people must not be compelled to stay away? Was there any suggestions that other should be compelled."

COURT : The word compelled was used by the witness.

MR BIZOS : He goes on. Perhaps I should have started earlier. "Was there any discussion at the time that each one of these resolutions were proposed? - Yes, there were discussions." "What discussion was there? - A discussion I remember clearly is the one which had to do with the stay-away. While we were discussing Oupa Mariletsi got up and said that he is in agreement with the stay-away on 3 September and further said that he does not fear that because there is nothing illegal about calling for a stay-away and protest rallies. He further made mention that we will have to think serious about this, that certain people who are rendering important services must not be compelled to partake in the stay-away. He made an example for instance

about/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

about the people employed at the hospital. Then the discussion went on about the essential services and other people also made mention of others." "Other people that were considered to be rendering essential services? - Yes, that is so." "You say that these people must not be compelled to stay away? Was there any suggestion that other should be compelled? - No. What I am saying is that people who had to do with essential services were exempted. Therefore the call for the stay-away must not be extended to them." So, what I submit is that reading the evidence as a whole, it was an exception rather than an exemption.

COURT : But the question is allowed. The answer was "compelled". So, he can ask him on that and the witness can correct it if it is incorrect or repeat what he said previously.

MNR. JACOBS : Kan jy vir die Hof verduidelik volgens die getuienis-in-hoof was dit blykbaar duidelik gestel op die vergadering dat die mense wat nie verplig sou word om hierdie wegbly-aksie aan deel te neem nie, is slegs die gesondheidsmense, onder andere die mense in die hospitaal? -- Wat ek bedoel het in my getuienis is dat mense wat vrygestel gaan word wat nie deel sal neem aan die wegbly-aksie nie, is die persone wat vir die gesondheid werk.

Ek wil dit aan jou stel, die feit dat hulle vrygestel word, net hulle vrygestel word, dan is daar nog 'n verpligting op die ander om te gaan? -- Ek stem nie daarmee saam nie, want by hierdie vergadering waar daar gesê was ons moet dink aan ander dienste wat belangrik is, was daar niks verder bygevoeg behalwe dit wat ek alreeds genoem het nie.

Jy sal met my saamstem dat hierdie hele konsep van die

sogenaamde/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

sogenaamde groot protesvergaderings wat gehou moes word, is ŉ baie vae stelling wat jy hier by die hof maak? -- Ek stem glad nie saam met u nie, nie eers ŉ bietjie nie. My verstandhouding van die hele ding, toe daar melding gemaak was van hierdie protesvergadering, die "rallies", het ek aanvaar dat dit vir die VCA is om te besluit wat verder gedoen moet word en waar dit gedoen gaan word. Byvoorbeeld om dit duidelik te maak wat ek bedoel is die volgende. Hierdie vergadering kon nie ŉ besluit geneem het van ŉ vergadering om gehou te word by die Roomse Kerk Small Farms nie, of by die Anglikaanse Kerk sonder dat ons met die mense daar gepraat het en verneem het of hulle toestemming vergun vir so ŉ vergadering om gehou te word op hulle perseel nie.

HOF : Kan ek net duidelikheid by u kry. Was dit besluit dat die vergaderings op 3 September sou plaasvind? -- Ja, dit is so.

Nou het ek ŉ probleem met die besluit. Dit is dat die vergaderings nie suksesvol kan wees nie, niemand sal opdaag nie, as daar nie ŉ "stay-away" is nie. Dus, soos ek dit sien, ŉ voorvereiste vir ŉ suksesvolle vergadering is dat die mense in die gebied waar die vergadering gehou word kennis moet kry van die vergadering en dus daar kan kom en kan deelneem aan die "stay-away". Ek het nog nie gehoor dat julle besluit het hoe die "stay-away" tot kennis sou kom van al die mense in die Vaal nie. -- In antwoord op u vraag, sal ek dit op die volgende manier antwoord. Hier is ŉ besluit geneem dat op 3 September ŉ wegbly-aksie gaan wees en hier kom nou ŉ voorstel dit is ŉ wegbly sonder enigiets wat gedoen word en die een stel voor dat daar nou "rallies" gehou moet word en daar word nou besluit ja, daar moet

"rallies"/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

"rallies" gehou word die dag van die wegbly-aksie. My verstandhouding daarvan is dan die volgende, dat dit nie ȟ wegbly-aksie was vir die bevordering van die "rallies" nie. Dit was ȟ wegbly-aksie vir die mense wat dan later besluit het dat aangesien die mense nou tuis is almal, dat daar nou moet "rallies" wees, want hulle is maar tuis. Nie dat daar mense eers beskikbaar gestel moet word vir die "rallies" nie.

My probleem met u antwoord is dit. U antwoord dat daar protesvergaderings gehou sou word oor die hele Vaal veronderstel tog seker dat die hele Vaal deel het aan die wegbly-aksie? -- Nee, u is heeltemal reg daaromtrent, want hier neem ons ȟ besluit by hierdie vergadering dat die inwoners van die Vaal as geheel nie werk toe moet gaan op 3 September nie. Dit doen ons om ons ontevredenheid te laat bekend word oor die verhoging van huur. Wat ek later verwag het was
K661 dat die vergadering nie nou daar gaan sit en besonderhede bespreek van die protesvergadering waar dit gehou gaan word wanneer en hoe laat nie. Dit het ek aanvaar is vir die Vaal Civic Association om nou daardie besluite te neem. Dit is vir hulle om die ding nou verder uit te voer.

Ek is nie besig met die protesvergaderings nie. Ek vra u oor die bekendmaking van die wegbly-aksie. Is daaroor niks besluit nie? -- Wat die wegbly-aksie ook betref, my antwoord geld daarvoor ook.

Met ander woorde? -- Dat dit oorgelaat was vir die Vaal Civic Association om te oorweeg hoe hulle dit verder kan uitvoer omdat hulle alreeds daarvan bewus is dat daar so ȟ besluit geneem was by hierdie vergadering.

Is dit uitdruklik oorgelaat of is dit stilswyend dat u dink dat dit oorgelaat is? -- Nee, dit is my eie

verstandhouding/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

verstandhouding. Dit was nie bespreek nie. Dit is net wat ek gedink het gaan gebeur dat dit nou so gedoen gaan word.

MNR. JACOBS : Was julle baie ernstig met hierdie wegbly-aksie op hierdie vergadering vir 3 September? -- Ja, ons was ernstig gewees.

Hoeveel mense was ongeveer op hierdie vergadering gewees? -- Sewe- of agthonderd.

Hoeveel mense is daar woonagtig in die Vaal in Sebokeng ongeveer? -- Hulle is heelwat baie. Dit is driehonderd-duisend plus.

En dan in Evaton, Sharpeville en daardie plekke, Meyerton, Vanderbijlpark.

MR BIZOS : I thought that we had established a long time ago that that figure is for the Vaal as a whole. That has been accepted by both sides by numerous witnesses.

MNR. JACOBS : Ek weet nie of dit so aanvaar was nie, maar ek wil dit net eintlik by die getuie tuisbring. Hoeveel inwoners sal daar omtrent wees? -- Ek praat van die hele Vaal se woonbuurtes.

En die mense is versprei oor hoeveel woongebiede? Sal dit nou Evaton wees, Sebokeng, sal dit Vanderbijlpark insluit?

HOF : Met Vanderbijlpark, bedoel u die Blankegedeelte van Vanderbijlpark of bedoel u Boipatong en Bophelong en daardie gedeeltes?

MNR. JACOBS : Boipatong, Bophelong en daardie gedeeltes? -- Ja, dit is so.

Meyerton? -- Nee.

Julle is nou agthonderd mense wat hier 'n besluit geneem het dat daar moet 'n wegbly-aksie wees en jy sê julle het 'n

besluit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

besluit geneem vir die hele Vaal? -- Ja, ek sê so.

Dan is dit tog belangrik of moes seker tog gewees het terwyl hierdie plekke so uitmekaar gesprei is, dat die boodskap oorgedra moes word na die ander plekke toe dat daar is ʼn besluit geneem dat daar is ʼn wegbly-aksie op 3 September? -- Ja, dit was belangrik gewees.

En daar was ook nie baie tyd gewees meer nie? -- Ja, dit was net ʼn week gewees.

En dit was seker ook belangrik gewees dat die werkgewers ook kennis moet kry? -- Dit was nie by hierdie vergadering bespreek nie, maar ek het aanvaar dat dit vir die werknemer was om die boodskap oor te dra aan die werkgewer en dan ook besluit wat die werknemer doen.

So, julle moes darem ten minste op hierdie vergadering bespreek het hoe sal ons hierdie boodskap vinnig oor kry of uit kry oor so ʼn wye area met so baie mense? -- Na hierdie resolusies en hierdie besluite aanvaar was by hierdie vergadering was dit verwag van die organiseerders van hierdie vergadering om kennisgewings te maak aangaande die besluite oor die protes "rallies" en die besluit oor die wegbly-aksie sodat hulle die nodige stappe neem om dit bekend te maak.

Is dit nie daarso bespreek op volgende vergaderings die VCA ook bekend gemaak moet word nie? -- Nee.

Jy sien, ek wil dit aan jou stel dit is so onwaarskynlik dat die dinge gebeur het soos jy sê. Ek wil dit aan jou stel dat daar besluit was op hierdie vergadering, dit was nie net oor die "rallies" nie, maar dit was oor die wegbly-aksie en ʼn optog? Dit was alreeds hierso besluit gewees? -- Nee, u maak ʼn groot fout daar.

MR BIZOS : I wanted to object before and I am sorry that

I/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

I did not, because already the witness has spoken at great length about the stay-away action. The stay-away action was coupled with the march. So, we had a negative answer and I do not know if Your Lordship now is going to hold the witness to the negative answer that there was no decision about the stay-away at the meeting of the 25th.

COURT : No, no, no , a negative answer to the composite of the three components.

MR BIZOS : As long as that is clear.

COURT : As far as I am concerned it is clear.

MNR. JACOBS : En ek wil dit verder aan jou stel dat hierdie ding was vooraf beplan gewees.

HOF : Hierdie ding is nou wat?

MNR. JACOBS : Die wegbly-aksie, hierdie hele kwessie van die wegbly-aksie en dan die opmars was vooraf beplan en net aan die gehoor voorgelê? -- Nee, u maak 'n groot fout daar ook.

En dit was verder beplan dit sal op 'n reeks van vergaderings wat daardie dieselfde dag en die volgende dag op ander plekke plaasgevind het, sou dieselfde boodskap oorgedra moet word? -- Daar was hoegenaamd geen so 'n besluit geneem by hierdie vergadering nie.

Nee, nie by die vergadering nie. Ek wil dit stel by VCA is daar so 'n besluit geneem en jy het pertinent daaraan deelgeneem wil ek dit vir jou stel, want jy is die man wat aangesê is en onderneem het om dit oor te dra by die vergadering van die 26ste waar Esau nie teenwoordig kon gewees het nie, omdat hy na die ander plekke moes gaan? -- U maak 'n groot fout as u sê dat ek onderneem het om die resolusies oor te dra. Wat VCA beplan het voor hierdie vergadering

van/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

van die 25ste, weet ek nie. Al is dit miskien so dat ek nie daarvan weet nie, dit sou nie nodig gewees het vir hierdie vergadering om sulke lang besprekings uit te voer oor hierdie resolusies as hulle wel vroeër beplan was soos u dit stel nie.

En wat meer is, jy het in werklikheid daardie resolusies gaan oordra op die vergadering van VCA op26 Augustus 1984? -- Ek onthou nie die herhaling van hierdie besluite van die 25ste se vergadering by die vergadering van die 26ste nie.

En ek wil dit ook aan jou stel dat jy daarnatoe gegaan het omdat jy ook geweet het Esau kan nie daar wees nie en Edith kan nie daar wees nie omdat hulle na ander plekke toe gaan om dieselfde boodskap daar te gaan oordra van ŉ wegbly-aksie en ŉ optog? -- Ek sal sê dit is ŉ groot fout wat die Staatsaanklaer daar maak, want die vergadering wat ek die Sondag bygewoon het, was ek nie van plan om by daardie vergadering te wees in die dag nie. Dit is net nadat ek daar gekom het, ŉ rukkie voor die vergadering in aanvang geneem het, dat ek versoek was om deel te neem aan hierdie vergadering.

Ek wil dit eintlik aan jou stel dat Esau het jou al voor die tyd versoek dat jy soontoe moet gaan en dat hy jou spesifiek versoek het om te gaan en hierdie boodskap oor te dra van die wegbly-aksie met die gepaardgaande opmars? -- Nee, u gaan net voort met baie groot foute. Ek ontken dit.

Sal jy dit betwis dat Esau en Edith die 26ste na ander plekke toe gegaan het om daar vergaderings te hou en waar hierdie boodskap van ŉ wegbly-aksie en ŉ opmars ook verder gevoer en uitgedra is aan die gemeenskap? -- Wat ek van

weet/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

weet is dat Edith na Boipatong toe is. Om soontoe te kom is sy deur Esau vervoer omdat sy genooi was om 'n vergadering daar by te woon. Dat hulle nou 'n spesifieke doel gehad het om soontoe te gaan, weet ek nie.

En dit terwyl Edith se gebied, Gebied 7, spesifiek daardie vergadering wat jy toegespreek het op die 26ste van VCA gehelp reël het en spesifiek gereël het daarvoor? -- Die vergadering van 26 Augustus 1984 het ek besluit om by te woon kort voor die aanvang van die vergadering. Ek het geen rol gespeel hoegenaamd in die organisering van hierdie vergadering behalwe om deel te neem in die besprekings wat daar uitgevoer is nie.

Ek wil dit ook aan jou stel dat die idee van die wegbly-aksie op 3 September was gewees om soveel mense, ouers, inwoners, kinders en werkers te kry om deel te neem aan hierdie wegbly-aksie en die optog? -- Die gemeenskap soos deur u nou genoem was genooi om by te wees by hierdie vergadering as 'n gedeelte van die gehoor om self te kom hoor wat gesê word daar, om eie besluite te neem oor wat daar bespreek word.

Kan jy vir ons sê hoekom is nou spesifkek 3 September uitgesonder vir die wegbly-aksie? Wat is bespreek? -- By die vergadering van die 25ste was die besluit geneem dat 'n wegbly-aksie op die 3de moet wees, want die gevoel van die gemeenskap daar teenwoordig by hierdie vergadering was dat om dit bekend te maak dat die gemeenskap nie tevrede is met die verhoging van huurgelde, moet dit die dag wees. Die verdere rede daarvoor was dat die eerste dag van die maand was in die naweek gewees. Dus, was dit besluit dat dit op 'n Maandag gedoen moet word.

<u>HOF</u> : Ek wil u vra oor die huurverhoging hier. Die

huurverhoging/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

huurverhoging as ek dit reg onthou sou in werking tree op 1 September? -- Ja, dit is so.

Het u huur betaal maandeliks of weekliks? -- Maandeliks.

Dus, die eerste verhoogde betaling sou aan die einde van September wees?-- Nee, dit was betaalbaar met ingang 1 September.

Betaal julle vooruit of agteruit? -- Die kennisgewings van hierdie verhogings was met ingang 1 September effektief. Dit beteken dus dat as ȟ mens vir Septembermaand betaal, dan sou daardie persoon in sy huur sy verhoogde R5,90 moet byreken.

As u vir September betaal, betaal u aan die begin van September of aan die einde van September? -- Jy betaal vir die maand binne sewe dae voor die einde van die maand wat jy betaal, dit wil sê vooruit. Vir Septembermaand byvoorbeeld sal ȟ mens betaal aan die begin van September, maar dit is betaalbaar op of voor die 7de dag van die nuwe maand.

So, met ander woorde, sê u, September se huur is betaalbaar binne die eerste week van September. Is dit wat u sê? -- Ja, dit is wat ek sê.

MNR. JACOBS : Is dit net vir die huur of ook vir die ander dienste? -- Ek noem dit hier alles.

Maar hoe sal hulle nou weet hoeveel elektrisiteit of hoeveel water het julle gebruik as dit nie eers aan die einde van die maand is nie? -- Daar by die huis het ons nie elektrisiteit nie. Daar is ook nie ȟ watermeter daar nie.

Die plekke waar dit is? -- Die persone by sulke plekke kry rekenings daarvoor. Ek weet nie hoe hulle dit uitwerk om dit te betaal nie.

Werk die rekening nie so dat dit aan die einde van

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

die maand gelees word en dan sien jy wat jy gebruik het en dit is die rekening wat jy moet betaal nie? -- Ja, maar as ŉ mens daardie soort van ŉ rekening betaal, is daar ŉ sekere bedrag wat ŉ mens verplig is om te betaal. Elke begin van die maand moet jy daardie geld betaal. Hulle noem dit self huur.

Sou die protesoptog nie beter gewees het op 1 September nie? -- Laat ons mekaar nou eers verstaan. Van watter vergadering praat ons nou?

Ek sê, sou die gedagte van ŉ wegbly-aksie en ŉ protesoptog nie beter gewees het op 1 September die dag wat die huur ingestel was nie?

MR BIZOS : I would appeal that the question of the march be dropped from all questions relating to the meeting of the 25th, which is consistent with the witness's evidence and not with the State's allegations.

HOF : Dit is ŉ geldigde beswaar, mnr. Jacobs, want die getuie het u nou gevra van watter vergadering praat u, want sy getuienis is dat op die vergadering van die 25ste daar nie sprake was van ŉ optog nie. Dus, as u nou praat van ŉ optog, is die beste wat u kan doen is om te verwys na die 26ste se vergadering, want dit is die eerste wat u daarvan kan praat as u hom op sy getuienis kruisvra.

MNR. JACOBS : Ek sal dit net beperk tot die wegbly-aksie. Sou dit nie beter gewees het ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Wel, die wegbly-aksie op die 1ste is natuurlik geweldig effektief, want almal het vakansie.

MNR. JACOBS : Ek wil dit aan u stel dat die 3de September het ŉ politieke motief, want dit was die dag toe die driekamer parlement die eerste keer geopen het? -- Nee, wat

my/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

my betref is dit alles nuut. Dit was nie in die vergadering bespreek wanneer die drie-kamer parlement in aanvang neem nie.

Dit is daarom dat ek vir jou gevra het aan die begin wat het hulle bespreek? Hoekom besluit hulle nou op 3 September? -- Ek het aan u verduidelik hoekom ons besluit het op 3 September en dit is eintlik nie volgens wat u nou sê wat die rede is hoekom ons daarop besluit het nie.

Want eintlik was 3 September so kort naby dat julle eintlik nie veel tyd gehad het om behoorlike organisasie te gedoen het nie, as dit op daardie vergadering van die 25ste die eerste keer te berde gekom het van ʼn wegbly-aksie? -- Ek het aan u redes verskaf hoekom ons besluit het op die 3de en die voorstel van u verwerp ek.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

K662 GCINUMUZI PETRUS MALINDI, nog onder eed

HOF : Voordat u vrae vra, wil ek ʼn vraag vra oor heeltemal ʼn ander onderwerp. U het in u hoofgetuienis die woord - ek weet ook nie of dit in u hoofgetuienis was nie, in u getuienis die woord "sell-outs" gebruik en ek het toe gaan kyk in die woordeboek of ek die woord kon vind en in my woordeboek het ek dit nie gevind nie, behalwe in verband met goedere wat ontoepaslik is. Wat ek wel gekry het en wat die naaste is, is in die Concise Oxford Dictionary onder die woord "sell." Daar is ʼn betekenis, die derde betekenis is "betray for money or other reward." Waar u die woord "sell-out" gebruik, gebruik u dit in daardie sin of gebruik u dit in ʼn ander sin? -- Ek gebruik dit in hierdie sin ook.

Dus, as u die woord gebruik, dan is dit in dié sin

wat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

wat u dit gebruik? -- As ek dié woord gebruik teen ŉ persoon en sê die persoon word deur my beskryf as ŉ "sell-out" ek gebruik daardie woord omdat ek die volgende in gedagte het, dat die persoon besig is om my regte van die land weg te gee, dit wil sê te verkoop. Toe ek dit gebruik het by die vergadering van die 26ste byvoorbeeld, daarby het ek bedoel dat die raadslede is "sell-outs" omdat hulle deelneem in hierdie bevordering wat eintlik op die ou end gaan veroorsaak dat ek my regte van die land in Suid-Afrika moet verloor.

U hoef nie al u redes te gee nie. Ek het u net oor die betekenis te vra. As u wil oor die betekenis verder praat, is dit goed. U kan ook u redes verduidelik op die ander geleentheid, u het dit al gegee, maar my vraag is net toegespits op die betekenis? -- Ja, ek verstaan dit, maar ek wou hierdie bygevoeg het dat ek die woord teen hulle gebruik het omdat hulle doelbewus in hierdie strukture hulle self geplaas het welwetend dat dit nie effektief was nie en derdens vir hulle eie goeie wins, in die sin die wins uit geld wat hulle sou gemaak het.

Met laasgenoemde bedoel u hulle , sal ek sê loon, vergoeding as raadslede of bedoel u iets anders? -- Dat hulle die wins gaan maak in die loonvergoeding wat hulle dan in staat sou gestel het ook om te vorder indien hulle enige besigheid wil begin, dat hulle fondse sal hê om dit te begin en derdens, dat hulle daarin sal slaag om die bewerkstelling van die Raad te bevorder.

Net voor u verder gaan, is dit twee dinge? Bedoel u wins uit hulle ampsloon, wat hulle in staat sou stel om dan ŉ neseier te hê om ŉ besigheid op te rig of bedoel u wins uit ampsloon en dat hulle ook befondsing kon kry as gevolg

van/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

van hulle feit dat hulle raadslede is? -- Dat hulle betaal gaan word vir die werk wat hulle doen en hulle sal baie geld daarvoor kry en die kans vir hulle om besighede van hulle eie te eien, is goed as hulle in daardie Raad dien en nog 'n ding, hierdie dinge van hulle wat hulle aanvang wat onwettig is, onmenslik is, deur die "bribes" te ontvang, sal hulle maklik kan uitvoer as hulle daarvandaan af dit uitvoer.

Wil u nog iets sê oor die onderwerp? -- Nee.

<u>VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS</u> : Op die vergadering van 26 Augustus 1984, die middag se vergadering, die insident met Masenya, dat hy nie op 'n stadium toegelaat was om te praat nie, ek wil daar begin met jou. Kan jy vir ons presies sê wat het Masenya gesê toe hy in die rede geval was? -- Toe hy daar opgestaan het, het hy gesê "Ek praat hier (met verwysing na die vergadering) as 'n inwoner van Gebied 7. Hierdie verhoging op huur pla my baie. Hierdie raadslede ..." Hy het toe nie voortgegaan nie.

Hoekom nie? -- Maria het hom in die rede geval deur daar voor op te gestaan het en gesê het hy, wat Masenya is, moenie toegelaat word om verder te praat nie.

Het sy 'n rede gegee? --Ja, sy het gesê Masenya het gestaan as 'n kandidaat in November 1983 en toe gesê "As dit nou nie duidelik gemaak word op hierdie huidige oomblik of hy nog in samewerking is met die raadslede of nie, moet hy nie toegelaat word om te praat nie."

En toe? -- Dit was die rede dan wat veroorsaak het dat hy nie verder kon praat nie.

Wat gebeur toe Maria dit sê? -- Van die mense daar in die saal het toestemming gegee dat Masenya verder praat en van hulle was daarteen gekant.

Hoe/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Hoe het hulle toestemming gegee en hoe was hulle gekant? -- Hulle skreeu sommer daar terwyl hulle sit. Een skreeu "Laat hy verder praat", die ander sê "Nee, hy moenie verder praat nie." Dit is eintlik ŉ ding wat plaasgevind het sonder ŉ orde dat dit besluit was daar deur die gehoor.

Was dit ŉ groot lawaai gewees daar? --Nee, dit was nie ŉ groot lawaai nie.

Was dit net ŉ paar wat gesê het "Laat hom praat" of ŉ paar wat gesê het "Nee, moenie laat hy praat nie"? -- ŉ Paar het gesê dat hy moet sit en nie toegelaat word om te praat nie en die meerderheid het gesê dat hy toegelaat moet word om te praat.

Was die lawaai so dat jy alles kon hoor wat daar gesê was? -- Tensy die persoon hard genoeg gepraat het, sou ek nie alles hoor wat daar gesê word nie.

As daar persone was wat gesê het hy moet doodgemaak word omdat hy ŉ raadslid was, is dit nie noodwendig dat jy dit sou gehoor het nie? -- Indien daar so ŉ persoon was wat dit gesê het, sou ek nie gehoor het nie, maar as die persoon dit hard genoeg gesê het sodat Masenya dit kon hoor, dan sou ek dit ook gehoor het.

Hoekom sê u so? -- Omdat ek op die verhoog gestaan het en toe Masenya daar praat was hy naby die verhoog gewees.

Hy was nie by jou by die verhoog nie? -- Nee, hy was nie by my nie.

Hy was tussen die mense in die gehoor? -- Ja, maar voor, heel voor by die verhoog.

Hoe ver van die verhoog af? -- (Getuie dui distansie aan)

<u>HOF</u> : Dit is twee meter of minder.

<u>MNR. JACOBS</u> : En jy, het jy nie teen die muur gestaan nie?

Ja/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

-- Ja, ek was teen die muur maar teen die sy, op die een kant van die gebou.

En Masenya was meer in die middel van die vertrek? -- Vanwaar ek gestaan het om by hom te kom was dit nie 'n distansie wat ek skat ongeveer van waar ek sit na daardie muur toe nie. Dit wil sê dit was minder as dit.

HOF : Agt meter.

MNR. JACOBS : So, jy was van Masenya af omtrent agt meter? -- Of 'n bietjie minder as dit.

Dan is dit vir my eienaardig as jy so ver van hom af was dat jy presies sou gehoor het wat hy sou gehoor het? -- Ja, ek sou dit gehoor het.

As 'n mens in sy onmiddellike omgewing teruggepraat het, omgedraai het en na hom toe teruggepraat het en gesê het hy moet doodgemaak word, sou jy dit ook gehoor het? -- As 'n persoon skreeu dat hy doodgemaak moet word, sal ek dit hoor.

Jy sien, ek wil dit aan jou prontuit stel, jy kon nie alles gehoor het wat daar gesê was nie. Daar was in die eerste instansie 'n lawaai? -- Ek het gesê dat as dit gesê was daar dat ek dit nie kon hoor nie, sou ek dit nie gehoor het nie, maar as 'n persoon dit hard genoeg gesê het, sou ek dit gehoor het. Ek praat nou nie van 'n persoon wat dit aan hom gefluister het nie of gebare aan hom gemaak het nie.

So, dit is net fluistering wat jy nie sou gehoor het nie. Die ander sou jy alles gehoor het? -- 'n Persoon wat in 'n goeie stem praat en skreeu soos dit nou beweer word daar, sal hierdie persoon gehoor word.

Nog 'n ding wat vir my baie eienaardig is in die getuienis is dat dit regdeur gesê word dat Masenya het gesê hy is ontevrede met die huur? -- Hy het so gesê.

Dan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Dan kan ek nie verstaan hoe kan ŉ mens kom en sê toe hy nou wil begin praat - hy sê hy is ontevrede met die huur en oor die raadslede praat, het julle nou sommer aanvaar hy wou goed praat oor raadslede nie? -- Niemand het ooit gesê dat ons die gedagte gehad het dat hy goed wou gepraat het oor die raadslede nie.

Maar hoekom het julle hom nie gelos dat hy gepraat het - aangegaan het en gepraat het want hy is nou besig om te praat oor die raadslede en hy stem nie saam met die huur nie?

HOF : Wat is nou die doel van hierdie vraag? Hierdie getuie - dit was nooit enigiemand se saak dat hierdie getuie hom gestop het nie of iemand wat onder beheer is van hierdie getuie nie. Dit is ene Maria wat hom gestop het.

MNR. JACOBS : Ek wou net ŉ waarskynlikheid so aan hom gestel het.

HOF : Wel, u moet dit nie stel asof dit hierdie man se skuld is dat hy gestop is nie.

MNR. JACOBS : Ek stel dit aan jou, dit is hoogs onwaarskynlik dat dit so sou gebeur het, want as ŉ man kom en hy praat oor raadslede - huur wat hy nie saamstem nie en hy begin daaroor praat, oor raadslede dat dit hoogs onwaarskynlik is dat iemand hom sou stop, want dan kan ŉ mens aanvaar hy gaan praat teen die raadslede.

HOF : ŉ Mens moet altyd in ag neem daar is vroulike logika ook op die spel.

MNR. JACOBS : Was hierdie onderbreking en geraas so baie dat die voorsitter van hierdie vergadering eintlik nie daarin kon slaag om die orde te herstel nie? -- Nee, hy het daarin geslaag.

Is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Is dit nie beskuldigde nr. 10 wat die orde herstel het nie? -- Hulle het mekaar gehelp. Beskuldigde nr. 10 het opgestaan om die voorsitter te gaan help.

Om die voorsitter nie daarin kon slaag om die orde te herstel nie? --Not necessarily.

En is dit nie so omdat dit was dat die voorsitter se stem te swak was om orde te herstel bo daardie lawaai nie? -- Sy stem is maar sag en hy is nie ŉ persoon wat hard praat nie, maar as ŉ mens jou hoor as jy praat, sal die mense daarop reageer. Ons kan nie daarop sê en besluit dat hy nou nie daarin geslaag het om die orde te herstel nie. Hy was besig om die orde te herstel.

So, eintlik het beskuldigde nr. 10 verniet opgetree? -- Nee, hy het net opgestaan om die orde gou terug te kry. Ons kan nou nie sommer gaan besluit en sê finaal dat die voorsitter die hele middag daar sou gestaan het sonder om die orde terug te kry nie.

Jy sien, want dit was beskuldigde nr. 10 se getuienis dat hy gehelp het omdat beskuldigde nr. 8 nie daarin kon slaag nie omdat sy stem te swak is en sy stem nie dra nie en daarom het hy, wat nr. 10 is, die orde herstel? -- Wel, dit is die siening van beskuldigde nr. 10 hoekom hy vir beskuldigde nr. 8 gaan help het. Wat my betref, volgens my siening daar wat eenkant gestaan het, was beskuldigde nr. 8 in staat gewees om nog die orde terug te kry. Ek stem saam, ja, dat beskuldigde nr. 10 opgestaan het om hom te help.

Toe Maria vir Masenya in die rede geval het, het sy direk met Masenya gepraat of het sy haar beroep op die voorsitter? -- Sover ek kan onthou het sy die voorsitter gespreek.

HOF : Aangespreek? -- Aangespreek, ja, maar sy het nie gewag

dat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

dat die voorsitter vir haar die kans gegee het om te praat nie.

MNR. JACOBS : Het enigeen vir Masenya daar gesê dat hy moet oor die huur praat en glad nie na raadslede verwys nie en om sy toespraak te beperk tot die huur? -- Ek het van so ŉ praatjie gehoor. Ek kan net nie meer presies onthou of dit nou aan Masenya gerig was nie.

Jy sien, want dit is beskuldigde nr. 10 se getuienis. Hy sê dat Maria het nie vir hom gesê wat jy sê nie, maar gesê het hy moet oor die huur praat en glad nie na die raadslede te verwys nie en sy toespraak te beperk? Die bewysplaas is Volume 160 bladsy 7 894. -- Ek het alreeds gesê dat ek gehoor het van so ŉ praatjie wat ek kan onthou. Ek kan net nie sê of dit aan Masenya gerig was nie.

Maar ek verstaan dan nie. Een man sê dit is die woorde wat Maria geuiter het. Jou weergawe is anders, want jy sê die woorde wat Maria geuiter het was anders en toe hy die woord "councillors" gebruik het dat hy self ŉ man was wat die raadslede ondersteun het en daar staan hy omtrent die raadslede? -- Nee, nee, kyk, as ek dit mag sê. Ek sal u vra om nie net die stukkies te lees waar u voel dit klop nie met beskuldigde nr. 10 se getuienis nie. U moet die hele getuienis van my deurkyk en die getuienis van beskuldigde nr. 10 en u sal vind dat ons van dieselfde ding praat by baie geleenthede. U moenie net dit uitsoek wat u voel reg is vir u om te gebruik nie.

Is dit jou antwoord op my vraag? -- Ja, dit is die antwoord wat ek gee.

Sê vir my, jy het daar gekom toe Rina Mokoena besig was om ŉ toespraak te maak. Is dit reg? -- Ja, dit is so.

Het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Het sy op enige wyse vir die deel van die toespraak wat jy gehoor het verwys na die Raad of raadslede of die sisteem van raadslede? -- Nee, ek onthou nie.

Jy sê nou nee, jy onthou nie. Bedoel jy jy kan dit nie onthou nie of dit is moontlik dat dit gesê is of is dit nie glad nie gesê nie? -- Dit beteken ek weet nie of sy dit gesê het nie.

Het sy enigsins verwys na raadslede in 'n beledigende soort taal as "puppets" as "sell-outs" of mense wat nie hulle beloftes nagekom het nie? -- Die gedeelte van haar toespraak wat ek gehoor het, het ek nie gehoor dat sy hierdie tipe woorde gebruik het nie.

Het sy ooit gesê dat die raadslede moet geboikot word of die raadslede moet bedank of enigiets van die aard, stappe geneem word? -- Nee.

Na mev. Mokoena het mev. Oliphant volgens jou getuienis 'n toespraak gelewer. -- Mev. Oliphant is een van die persone wat 'n toespraak gelewer het na mev. Mokoena.

Het sy enigsins verwys in haar toespraak na raadslede, raadsisteem of die Raad?-- Sy het van raadslede gepraat.

Wat het sy gesê omtrent raadslede? -- Sy het gesê soos die mense nou sien dat die raadslede die huurgeld verhoog het en hulle is nou daarvan bewus dat dit vir hulle moeilik is om te betaal en hulle het toe besluit dat hulle 'n vroue-organisasie moet stig moet die naam van VOW. Sy het verder gesê in hierdie organisasie van die vrouens gaan hulle 'n "bulk buying scheme" begin. Op dié manier sal hulle in staat wees om nog geldjies weg te sit deur te spaar.

Behalwe dat sy gesê het dat die raadslede die mense is wat die huur verhoog, het sy enigsins na die raadslede

verwys/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

verwys as "sell-outs" of oneerlike mense, as "puppets"? -- Nee, sy het nie.

Die onbekende sprekers - laat ek net hoor. Het sy enigsins gesê dat daar moet opgetree word teen die Raad, hetsy deur boikots of op enige ander wyse? -- Nee.

Het sy iets gesê dat raadslede moet bedank? -- Nee.

Jy sê tussen mev. Oliphant en die Masenya insident wat plaasgevind het, het daar nog onbekende sprekers opgetree? -- Ja, ek sê so.

Hoeveel van die onbekende sprekers het opgetree wat jy sê?-- Ek is nie seker nie. Dit kon twee gewees het.

Was dit mense wat op die lys van sprekers was wat die voorsitter aangekondig het of was dit uit die gehoor? -- Die mense het van die gehoor af gekom.

Het hulle gepraat teen raadslede wat verantwoordelik is vir die verhoogde huur, dat hulle moet bedank, dat hulle "sell-outs" of "puppets" is? -- Nie op die manier wat u dit stel nie.

Op 'n ander manier? -- Hulle het die Raad blameer aangaande die verhoging van huur.

Is dit al wat hulle na die Raad verwys het? -- Ja.

Of na raadslede? -- Hulle het gepraat van die Dorpsraad.

Is die volgorde korrek so dat mev. Mokoena het gepraat, toe mev. Oliphant, toe die onbekendes, toe die Masenya insident en toe het jy eers gepraat? -- Nee, dit is nie so nie.

Het jy direk na mev. Mokoena gepraat?-- Nee.

Wanneer het jy gepraat? -- Ek het eers gepraat na die sprekers wat toesprake gelewer het na mev. Mokoena.

Ek het probeer om jou volgorde hier - kan jy vir ons sê, wie is hulle dan? -- Ek sê na mev. Mokoena, mev. Oliphant

het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

het ʼn toespraak gemaak. Die Masenya insident is ook daar betrokke.

Na mev. Oliphant, wie het gepraat? -- Nee, ek sê nie dat mev. Oliphant direk na mev. Mokoena ʼn toespraak gelewer het nie. Wat ek sê is die volgende. Tussen die persone wat toesprake gelewer het na mev. Mokoena en net voor ek my toespraak gelewer het, het hierdie gebeure plaasgevind. Masenya se geval en mev. Oliphant het ook ʼn toespraak gelewer en die twee vreemdelinge. Wat ek verder sê is dat ek weet nie of mev. Matsaneng ʼn toespraak gemaak het voor ek ʼn toespraak gemaak het of na ek ʼn toespraak gemaak het nie.

En jy sê jy het nie direk na mev. Mokoena gepraat nie? -- Nee.

In jou toespraak het jy dit as ʼn resolusie gestel aan hierdie vergadering of as ʼn mosie gestel dat hulle dit as ʼn resolusie aanneem omtrent die wegbly-aksie op die 3de, dat nie huur betaal moet word nie, nie verhoogde huur betaal moet word nie? -- Wat ek gedoen het was, ek het die resolusies van die vorige vergadering voorgestel en aanbeveel - ek het dit oorgedra met die oog daarop dat dit voorgestel moet word om aangeneem te word as resolusies van hierdie huidige vergadering aan wie ek die resolusies oorgedra het.

Het jy net gehoor dit sal aangeneem word of het jy so ʼn voorstel gemaak dat dit aangeneem word?-- Ek het gesê ek stel voor dat die resolusies wat geneem was by die vorige vergadering aangeneem word by hierdie vergadering.

En het jy toe die resolusies genoem? -- Ja, dit is so.

Jy was teenwoordig in die hof toe beskuldigde nr. 10 getuienis gegee het? -- Ja, dit is so.

Het jy nie ook by hierdie vergadering voorgestel en

gesê/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

gesê dat daar ook by die vorige vergadering van 25 Augustus ꞌn resolusie aanvaar was dat mense se besighede geboikot moet word en mense synde die raadslede? -- Nee, ek het nie so gesê nie.

Ek wil dit aan jou stel dat beskuldigde nr. 10 het in hierdie hof getuig dat jy het nooit dit voorgestel as ꞌn resolusie dat dit as ꞌn resolusie aangeneem moet word die resolusies wat by die vorige vergadering aangeneem was nie. Het jy enige kommentaar daarop te lewer?

<u>MR BIZOS</u> : Is the question directed to the three resolutions that the witness admits putting or the one about the boycott? If I were the witness, I would be in doubt.

<u>HOF</u> : Wat is die "gravamen" van u vraag? Wil u ꞌn antwoord hê op die stelling dat beskuldigde nr. 10 gesê het dat daar nooit ꞌn voorstel van die kant gekom het van beskuldigde nr. 5 nie of wil u ꞌn antwoord hê op die inhoud van die ding?

<u>MNR. JACOBS</u> : Dat daar nooit so ꞌn voorstel gewees het van beskuldigde nr. 5 nie dat daardie resolusies ook deur hierdie vergadering aangeneem word.

<u>HOF</u> : Wel, noem dit dan resolusies van ꞌn ander vergadering wat dit ook al is. Is dit wat u wil hê?

<u>MNR. JACOBS</u> : Dit is so. -- In antwoord op u stelling sal ek sê dat as u daardie rekord reg lees, dan is beskuldigde nr. 10 se verhaal nie wat hy goed gehoor het van my nie. Dit wil sê hy het my nie goed gehoor nie. Ek het die voorstel gemaak dat hierdie resolusies aangeneem word by die vergadering.

Jy verwys nou na die oorkonde. Het jy die oorkonde gaan bestudeer?

<u>HOF</u> : Nee, wag nou, mnr. Jacobs. Al wat die getuie vir u

sê/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

sê is, as wat u vir my sê in daardie rekord staan, beteken dit dat beskuldigde nr. 10 my op die vergadering nie reg verstaan het nie. Dit is al. Waaroor stry?

MNR. JACOBS : Ek vra vir hom omdat hy my verwys na die oorkonde.

HOF : Wel, hy is seker geregtig om dit op sy manier te stel.

MNR. JACOBS : Ek wil vir jou nog iets lees wat hy gesê het wat ek nou-nou vir jou gevra het. Volume 166 bladsy 8 431. Die vraag is aan hom gestel - dit is aan mnr. Vilakazi toe hy getuienis gegee het "Did he say anything about the boycott of councillors? - He said one of the resolutions at that meeting was that in case councillors do not resign, the people then decided that they would boycott businesses of the councillors." -- My antwoord daarop sal wees indien beskuldigde nr. 10 sê dat ek so gesê het, dan maak hy, wat beskuldigde nr. 10 is, ŉ fout.

HOF : Was daar by die vorige vergadering, dit is die vergadering van die 25ste, geen besluit ten aansien van die bedanking van raadslede nie? -- Daar was ŉ resolusie gewees dat die raadslede moet bedank en dit was die einde van die hele aangeleentheid.

Met ander woorde, daar was nie ŉ stertjie by die resolusie nie? -- Nee.

MNR. JACOBS : Was daar ŉ bespreking gewees daardie vorige dag omtrent dat die raadslede, as hulle nie bedank nie, wat sou gebeur?-- Nee.

Toe jy nou voorgestel het dat hierdie resolusies wat op die 25ste - kom laat ons net duidelikheid kry. Wat het jy almal voorgestel moet hulle aanvaar op hierdie vergadering van die 26ste?-- Die eerste een was dat die verhoogde huur

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

nie betaal moet word nie. Tweedens, dat die raadslede moet bedank. Die derde een was dat op 3 September gaan daar 'n wegbly-aksie wees en op hierdie dag gaan daar "rallies" gehou word.

Het jy jou voorstel teenoor hierdie mense gemotiveer op hierdie vergadering nou? -- Nee, ek het nie.

Het jy dit nie nodig geag om aan die mense oor te dra veral oor die wegbly-aksie wat die omvang daarvan is en wat die besluit was oor noodsaaklike dienste nie? -- Nee, ek het nie.

Het jy dit nie nodig geag om aan die mense oor te dra van die groot protesvergaderings wat nou gehou moet word nie, want nou kom jy met 'n nuwe voorstel hier, wie moet dit nou organiseer en hoe moet dit georganiseer word nie? -- Nie in wat ek gesê het nie.

Het jy dit nooit gedoen op daardie vergadering nie? -- Eers in die tyd van die bespreking van resolusies toe daar nou vrae gevra was deur die gehoor, het ek melding gemaak van iets aangaande die resolusies.

Wat het jy toe aan die gehoor verduidelik omtrent die resolusie van die wegbly-aksie op 3 September? -- In antwoord op mnr. Masego, die taxi-eienaar se vraag, het ek gesê dit sal 'n baie goeie ding wees dat hulle die beroep ook moet aanvaar as taxi-eienaars en taxibestuurders want hulle vorm ook maar die gedeelte van die gemeenskap.

Het jy aan hierdie vergadering op enige stadium omtrent die wegbly-aksie verduidelik dat wie sou vrygestel word en wie nie van die deelname aan die wegbly-aksie? -- Ja, ek het.

Wat het jy daaromtrent verduidelik vir die vergadering? -- Een van die dinge wat ons bespreek het by die vorige

vergadering/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

vergadering was dat die noodsaaklike dienste se werknemers sal nie op die beroep moet gaan nie. Dit moenie op hulle verleng word nie, want dit is belangrik dat hierdie tipe dienste voortgesit word te alle tye.

Ek wil net duidelikheid kry oor hierdie antwoord van jou dat die beroep moet nie op hulle gaan nie of op hulle verleng word nie, wat bedoel jy daarmee?

HOF : Ek wil net duidelikheid hê of dit 'n vertolkingsprobleem is, dan wel of dit is wat die getuie sê. Bedoel u met verleng word van toepassing wees op. -- Die getuie se direkte woord was - hy het 'n Zuluwoord gebruik en dan gesê "extended - it must be extended."

Uitgebrei? -- Uitgebrei.

MNR. JACOBS : Het jy gesê watter dienste word beskou as noodsaaklike dienste aan hierdie vergadering? -- Ek het gesê die gesondheidsplekke, byvoorbeeld soos hospitale, was beskou as 'n belangrike plek vir sulke dienste omrede daar siek persone is in hierdie hospitaal. Ek het dit toe aan die gehoor gelaat om nog verdere plekke te noem wat beskou kan word as belangrike dienste.

Moes hulle nie dieselfde besluit hier neem as wat op die vorige vergadering geneem is nie, dat almal eenvormig is daarop nie?-- Is dit met betrekking tot die noodsaaklike dienste?

Ja. -- Ek het dit genoem dat die werknemers van sulke plekke sal moet vrygestel word. Hulle moenie in die wegbly-aksie betrek word nie.

HOF : Die vraag is eintlik as die vorige vergadering A, B en C aangedui het as noodsaaklike dienste, is dit nie belangrik dat hierdie vergadering ook A, B en C aandui en nie B, C en D nie? -- Dit hang af wat dit is wat betrokke is daar.

Verskillende/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Verskillende vergaderings kan verskil op 'n sekere ding.

MNR. JACOBS : Omtrent die protesvergaderings wat gehou is, wat het jy presies oorgedra aan hierdie vergadering daaromtrent? Om nie verwarring te bring nie, as ek praat van hierdie vergadering, praat ek van die 26ste se vergadering? --Wat ek gesê het was, dit sal 'n baie goeie ding wees as die wegblyaksie 'n sukses kan word en die "rallies" ook.

Het jy gesê waar die "rallies" gehou moet word? -- Nee, ek het nie.

Het jy gesê in gebiede of in watter woonbuurtes of sou dit net in daardie gebied gewees het in Small Farms? -- Ek het gesê dit sal wees in verskillende areas in die Vaal.

Het jy gesê watter areas dan dat die mense geweet het waarom gaan die dinge plaasvind of nie? -- Ek het gesê. Ek het byvoorbeeld gesê Gebied 3 dat hulle hulle eie protes "rally" daar moet hou, Gebied 7 en in Sebokeng. Dit is die breë Sebokeng wat Gebiede 11, 12 en 13 bymekaar bring, want dit is die plekke wat naby mekaar is.

Van die ander? Bophelong en Boipatong? -- Dit is omtrent hoe ver ek gegaan het met daardie voorbeelde.

Wat van Boipatong en Bophelong en daardie dele? -- Dit is nou plekke wat ek nie genoem het in my voorbeeld nie, alhoewel in my gedagte het ek dit goed gesien dat dit so moet wees daar ook.

Het jy daar aan die gehoor voorgestel wie sou hierdie dinge organiseer? -- Nee, ek het nie gesê nie.

En dan omtrent die bedanking van die raadslede, het jy enige voorstelle gemaak aan die gehoor as hulle nie bedank nie wat moet gebeur? -- Nee.

In jou toespraak het jy aanvalle geloods op die

raadslede/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

raadslede om te sê hulle is "puppets" of "sell-outs", onaanvaarbaar vir die gemeenskap? -- Ek weet nie of dit ŉ aanval is nie, maar ek het hulle "puppets" en "sell-outs" genoem.

En dat hulle nie aanvaarbaar is vir die gemeenskap nie? --Ek het gesê daar is niks wat hulle kan doen vir die gemeenskap nie.

En jy was baie angstig dat die gehoor dit so moet aanvaar hulle is "puppets" en "sell-outs"? -- Dit is hoe hulle beskou word deur die gemeenskap vir ŉ goeie lang tyd voor hierdie dag.

Maar hier het jy dit weer by hulle tuisgebring? -- Daar het ek net ŉ herhaling gemaak van woorde wat gebruik word as ons van hulle praat in die lokasie. Om hulle "puppets" en "sell-outs" te noem, dit het ek gedoen sodat die Regering daarvan bewus kan word dat hulle nie vir ons aanvaarbaar is nie, sodat die Regering ŉ beter Regering kan aanpas om ons plek te beheer, want dit word ook gestaaf, dit wil sê dit wat ons sê deur prof. Van der Walt in sy verslag wat hy gemaak het.

HOF : Wag nou net ŉ bietjie. U hoef nie u saak te debatteer hier nie. Gee net getuienis oor wat u daar gesê het en wat u eie motief daarvoor was.

MNR. JACOBS : Want jy sien, ek stel dit aan jou, die hele doel was gewees, jy wou gehad het die mense wat op die vergadering is moet kwaad word vir die raadslede. Jy wou hê die mense se gevoelens moet opgedruk word teen die raadslede? -- Nee, u maak ŉ groot fout. Die bedoeling daarvan was om die Regering bewus te maak daarvan dat ons nie hierdie tipe van beheer aanvaar in die lokasies nie. Ons loop nie daarmee saam om huurgelde te laat betaal wat ons nie eers kan

bekostig/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

bekostig nie.

Jy sien, die Regering was nie teenwoordig op daardie vergadering nie of was hy? -- Nee, maar die Regering, as ons net begin met die protes van ons in die lokasies, dan weet hulle baie goed wat ons sê.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 4 MEI 1987.

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017